



Afrikaans



Verslag
oor die Onderzoek
na Menseregte-
skendings
in die Khomani
San-gemeenskap

Andresvale-Akham-gebied, Kalahari

November 2004

INHOUDSOPGAWE

Afkortings	_____	bl. 3
Voorwoord	_____	bl. 4
Bestuursopsomming	_____	bl. 5
Inleiding	_____	bl. 8
Doel van die Onderzoek		9
Opdrag vir die Onderzoek		10
Die Drie Fases van die Onderzoek		10
Metodologie en Prosesreëls		10
Struktuur van die Verslag		11
Menseregte betrokke	_____	bl. 11
Die Suid-Afrikaanse Grondwet		11
Internasionale Instrumente		12
Aangeleenthede deur die Onderzoek Hanteer		13
Grondeis en Hervestiging		13
Die Regering en Lewering van Dienste		20
Polisiëring		23
Onderwys		25
Maatskaplike Welsyn		27
Gemeenskapsverdeelheid		27
Verhoudings		28
Bevindings en Aanbevelings	_____	bl. 29
Grondeis en Hervestiging		29
Die Regering en Lewering van Dienste		30
Polisiëring		31
Onderwys		32
Maatskaplike Welsyn		33
Gemeenskapsverdeelheid		33
Verhoudings		34
Slotwoord	_____	bl. 35
Erkennings	_____	bl. 35

Voorblad fotos: (*links - bo na onder*) 1 - Jan van der Westhuizen, 2 - Dawid Kruiper, 3 - Petrus Vaalbooi;
(*regs - bo na onder*) 1 - Dawid Kruiper, 2 - SAMRK Voorsitter (regs) SAMRK Kommissaris T Manthata en (links)
Voorsitter van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte vir Kultuur, Taal en
Godsdiensgemeenskappe, Dr M Guma, 3 - Tradisionele dans, 4 - Gemeenskap tydens verhoor
Fotos deur Steve Lawrence, The Star (083 305 0026)

ISBN: 0-620-33515-7

AFRKORTINGS

Afrikahandves	Afrikahandves oor Mense- en Volkeregte
VGE	Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom
VGEBK	Bestuurskomitee van die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom
DOST	Departement van Omgewingsake en Toerisme
DG	Direkteur-generaal
DGS	Departement van Grondsake
DPPR	Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering
DOV	Direkteur van Openbare Vervolgings, Noord-Kaap
IVBR	Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte
OKD	Onafhanklike Klagtedirektoraat
KOP	Kgalagadi-Oorgrenspark (voorheen die Nasionale Kalaharigembokpark)
NRO	Nie-regeringsorganisasie
NKR	Nasionale Khoi-San-raad
SAMRK	Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (ook in hierdie Verslag die Kommissie genoem)
SANP	Suid-Afrikaanse Nasionale Parke
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SASI	Suid-Afrikaanse San-Instituut
WGIM	Werkgroep vir Inheemse Minderhede

VOORWOORD

Aan die einde van ons tien jaar van demokrasie is ons trots, soos ons tereg behoort te wees, op die gebeure wat tot die vreedsame oorgang van ons gemeenskap gelei het – van een gegrond op rassisme, ongeregtigheid en onderdrukking na ‘n gemeenskap wat die gelykwaardigheid en menswaardigheid van elke persoon erken. Dit is egter duidelik dat die visie van die Grondwet en die waarborge van menseregte wat daarin vervat is, vir baie van ons mense nog ‘n werklikheid moet word. Hoewel daar groot vordering gemaak is om die belofte van die Grondwet in die werklikheid te omskep, is daar nog baie mense en gemeenskappe wat daagliks in ‘n stryd gewikkel is om met waardigheid te leef en tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Een van hierdie gemeenskappe is die Khomani San wat, ten spyte daarvan dat hulle die begunstigdes is van ‘n historiese grondeis wat met die belofte van ‘n beter lewe gepaard gegaan het, hulle steeds in groot mate op die buiterand van die gemeenskap bevind.

Ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Menseregte-kommissie se mandaat om menseregte te beskerm en te bevorder en die nakoming daarvan te moniteer, is daar besluit, na ontvangs van klagtes van lede van die Khomani San-gemeenskap, om ‘n Onderzoek na die menseregtsituasie van hierdie groep te doen. Die Onderzoek was uniek daarin dat dit daarna gestreef het om ‘n omvattende en holistiese siening te verkry van al die aangeleenthede wat ‘n impak op die gemeenskap het. Dit is binne die gemeenskap gehou, in ‘n basiese saaltjie in Andriesvale, en dit was, soos die gemeenskapslede dit self uitgedruk het, die eerste werklike geleentheid wat hulle gehad het om uitdrukking te gee aan die dinge wat hulle raak, wat hulle oorlewing, hulle kultuur, hulle taal, hulle ekonomiese vooruitgang en hulle toekoms as ‘n volk bedreig.

Die Onderzoek is gedoen in die gees van samewerking en die Kommissie waardeur die bereidwilligheid van die kant van die gemeenskap, die verskillende regeringsagentskappe en staatsdepartemente, onafhanklike statutêre liggame en die burgerlike gemeenskap om na vore te kom en openlik, eerlik en konstruktief met die Kommissie in gesprek te tree en die aangeleenthede wat die Kommissie ondersoek het te bespreek.

Hierdie Verslag sit die Bevindings van die Kommissie en ons aanbevelings vir die weg vorentoe omvattend uiteen. Ons het ‘n gemeenskap aangetref wat vinnig besig is om hoop te verloor, wat dikwels nie oor die middele en die vermoë beskik het om te funksioneer en te oorleef in ‘n wêreld wat so verskillend is van dit waaraan hulle gewoon was nie. Ons het ook op verskeie vlakke ‘n hartseer verhaal van verwaarlosing en van onverskilligheid teëgekom.

Aan die positiewe kant is daar baie inisiatiewe wat, indien dit behoorlik geïmplementeer word, ‘n positiewe impak op die gemeenskap sal hê en hul sin van vertrou en geloof in en verbintenis met diegene wat daarvoor verantwoordelik is om dienste aan hulle te lewer sal herstel.

Hierdie Onderzoek, wat al die betrokke rolspelers vir drie dae bymekaargebring het, in die versengende en onvergeeflike hitte van die Kalahari, demonstreer hoe ‘n nasionale instelling soos die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie in staat is om hul mandaat op ‘n konstruktiewe wyse te gebruik om ondersoek te doen na en oplossings te vind vir die menseregte-uitdagings van ons tyd.

Ons vertrou dat hierdie Verslag, en in die besonder die aanbevelings wat ons maak, sal dien as ‘n grondslag vir die gemeenskap, die staat en die burgerlike gemeenskap om met mekaar in gesprek te tree oor die verskillende aangeleenthede wat geopper word, om die ingrepe te oorweeg wat voorgestel word en uiteindelik hierdie Verslag te gebruik as ‘n middel om die oorlewing van die mense van die Khomani San in die hand te werk.

Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om almal te bedank wat tot die Onderzoek bygedra het, in die besonder die gemeenskap van die Khomani San, wat ons in hulle lewens toegelaat het en, met nederigheid, hul visie en hul sorg met ons gedeel het. ‘n Spesiale woord van dan ook aan my kollega, kommissaris Leon Wessels, wie se leierskap in hierdie projek met groot passie, sensitiwiteit en respek vir die mense saam met wie ons gewerk het, verseker het dat ons die Onderzoek kon uitvoer op ‘n wyse wat werklik die gees van menseregte verwesenlik het – respek, begrip en eerlikheid.

Jody Kollapen
Voorsitter

BESTUURSOPSOMMING

In 1999 het die Khomani San-gemeenskap suksesvol groot dele in die Andriesvale-Askham-gebied van die Kalahari teruggeëis, ingevolge die nasionale Grondhervormingsprogram waarvoor daar deur die *Wet op Herstel van Grondregte 22 van 1994* voorsiening gemaak word. Dit het gelyk as of 'n nuwe tydperk vir die gemeenskap aangebreek het, na 'n lang geskiedenis van vervolging, onteining en marginalisering.

Dit het egter onder die aandag van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gekom, deur mediaverslae en klagtes vanaf die gemeenskap, dat vyf jaar na die suksesvolle grondeis, die Khomani San steeds in haglike omstandighede leef, sonder volle genieting van hul menseregte. Die Kommissie het klagtes ontvang van die gemeenskap oor die moord op 'n lid van die gemeenskap, mnr. Optel Rooi, deur die polisie, sowel as van viktimisering en teistering deur die polisie asook van diskriminasie en seksuele misbruik van Khomani San-kindere in die plaaslike skool. Daar was sprake van gemeenskapsverdeling, en die betrokkenheid van te veel eksterne konsultante, NRO's en ander partye. Hierbenewens het dit gelyk asof die regering nie sy plig nakom om dienste te verskaf aan die gemeenskap en hulle in die hervestigingsproses te ondersteun nie. Dit was dus dwingend noodsaaklik vir die Kommissie om in te gryp en 'n Ondersoek na Menseregteskendings in die Khomani San-gemeenskap te doen.

Die Ondersoek is vroeg in 2004 van stapel gestuur en het uit drie fases bestaan: navorsing, oorlegpleging (vergaderings en informele same-sprekings met die Khomani San-gemeenskap en die verskillende betrokke belanghebbendes) en 'n openbare verhoor. Die opdrag vir die Ondersoek was soos volg: om die nakoming van menseregte te ondersoek, met inbegrip van die voorvalle van viktimisering, teistering, verwaarlosing en misbruik van die Khomani San, in die besonder die gedrag van die polisie en die bewerings van seksuele misbruik van kindere by die plaaslike skool; en om vas te stel of die bevordering en beskerming van menseregte deur openbare en private rolspelers in die hand gewerk is. Die Ondersoek het gepoog om die omvang van menseregteskendings in die Khomani San-gemeenskap te bepaal, om

ontwikkelingstoestande in die Andriesvale-Askham-gebied openbaar bekend te maak, die lewensomstandighede van die gemeenskap te verbeter en respek vir menseregte in die gemeenskap en die gebied te bevorder.

Die Ondersoek het gepoog om sleutelaangeleenthede en die onderliggende oorsake van menseregteskendings in die gemeenskap te identifiseer, eerder as om skuld toe te wys. Dienooreenkomstig word die individuele name van beweerde oortreders nie in hierdie Verslag genoem nie. Die doel van die Ondersoek was om te handel met die behoeftes van 'n gemeenskap wat voel dat die voordele van die Suid-Afrikaanse Grondwet hulle nog nie bereik het nie. As 'n nasionale instelling wat demokrasie ondersteun, is die Kommissie daarop gerig om by te dra tot die verligting van die Khomani San se omstandighede deur die menseregte-uitdagings in die gemeenskap te identifiseer en 'n weg vorentoe uit te stippel.

Die Verslag is gebaseer op agtergrondnavorsing en op die getuienis en inligting wat tydens die Ondersoek voorgelê is. Daar word verwag dat die Verslag insig sal gee in die sleutelkwessies wat betref menseregte in die Khomani San-gemeenskap, en dat die Bevindings en aanbevelings wat dit bevat, sal help om regstelling te bewerkstellig. Die hoofdeel van die Verslag bestaan uit 'n kort verwysing na die regte wat betrokke is, voordat daar uitgebrei word oor sleutelaangeleenthede wat deur die Ondersoek aan die lig gekom het, ten einde agtergrond en konteks voorsien vir die Bevindings en aanbevelings van die Paneel, wat in die finale afdeling vervat is.

DIE ONDERSOEK

Die Ondersoek het met 'n komplekse en verweefde stel uitdagings betreffende verhoudings, same-werkende regering, regverdige administratiewe handeling, kapasiteitsbou en volhoubare ontwikkeling gehandel. In die loop van die Ondersoek het verskeie sleutelaangeleenthede na vore getree: die proses van die grondeis en hervestiging, die regering se rol en die verskaffing van dienste, polisiëring, onderwys, maatskaplike welsyn, interne konflik binne die gemeenskap en versteurde verhoudings binne die gemeenskap asook met ander rolspelers.

Grondeis en Hervestiging

‘n Besondere eienskap van die Khomani San-grondeis was dat die aanvanklike eisers, die Kruiper-familie, besluit het om ander San-afstammeling toe te laat om deel te word van die grondeis. Die proses van die eis het die herskepping van ‘n gemeenskap van verspreide San-afstammeling behels, sonder ‘n verenigende stelsel van leierskap. Gevolglik het gemeenskaps-verdelings bygedra tot probleme vir sover dit die funksionering van die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom en ooreenstemming oor die bestuur en benutting van grond betref.

Ander probleme met die grondeis en hervestiging sluit in die gebrek aan kapasiteit binne die Bestuurskomitee van die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom, konflik tussen die gemeenskap en Suid-Afrikaanse Nasionale Parke vir sover dit die implementering van die Khomani San-grondeis in die Kalahari-Oorgrenspark betref, en gebrek aan steun vir die Departement van Grondsake, Kommissie vir Herstel van Grondregte en ander partye betrokke by die grondhervestiging- en bestuursproses. Hierbenewens het die betrokkenheid van talle eksterne partye, soos konsultante, NRO's en die media, na bewering tot verdelings binne die gemeenskap bygedra.

Die Regering en Lewering van Dienste

Die plaaslike regering het versuim om water, sanitasie, afvalbestuur of ontwikkeling oor die algemeen op die Khomani San-grond te voorsien, ten spyte daarvan dat befondsing vir hierdie doel ontvang is. ‘n Plaaslike-ontwikkelingsplan, wat die verskaffing van basiese dienste sou lei, en wat waarskynlik voor die hervestigingsproses in plek moes gewees het, is op 17 September 2004 vir goedkeuring aan die Kommissie vir die Herstel van Grondregte voorgelê (getitel die Khomani San-Vestiging- en Ontwikkelingstrategie). Hierbenewens is daar ‘n behoefte aan die uitklaring van die rolle van verskillende regeringsvlakke en staatsdepartemente, en ook vir alle regeringsfere om hul verantwoordelikhede op ‘n gekoördineerde wyse na te kom. ‘n Kabinetsmemorandum waarin 'n strategie vir samewerkende regering vir Khoi-San-gemeenskappe uiteengesit word, is in Oktober 2004 deur die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering aan die Parlement voorgelê.

Polisiëring

Die Ondersoek het die vervolging bewerkstellig van die twee polisiemanne wat betrokke was by die noodlottige skietery op mnr. Optel Rooi. Die Khomani San-gemeenskap is blootgestel aan viktimisering, teistering en mishandeling deur lede van die Suid-Afrikaanse Polisie. Die polisie in die gebied het histories veral op Witdraai geboer, ‘n plaas wat in hul grondeis aan die Khomani San oorgedra is, en die polisie bedryf steeds kommersiële ondernemings op Khomani San-grond. Dit het bygedra tot ‘n versteurde verhouding tussen die gemeenskap en die polisie. Hierbenewens verstaan die gemeenskap nie polisiëring- en vervolgingsprosesse nie, en word toegang tot hof in die wiele gery deurdat die naaste hof in Uppington geleë is, ongeveer 200 kilometer daarvandaan.

Onderwys

Die vlakke van formele onderwys in die gemeenskap is laag. Toegang tot skoling word in die wiele gery deur die feit dat skole ‘n afstand weg van die gemeenskap geleë is en daar geen vervoer beskikbaar is nie. Hierbenewens is toereikende maatreëls nie getref om die unieke behoeftes en kulturele agtergrond van die Khomani San maatskaplik en struktureel sowel as binne die kurrikulum te inkorporeer nie. Bewerings van seksuele misbruik en teistering van Khomani San-kindere by die plaaslike skool het nie toereikende aandag ontvang nie.

Maatskaplike Welsyn

Daar is wesenlike alkohol- en dwelmmisbruik binne die gemeenskap, wat aanduidend is van en bydra tot ernstige maatskaplike probleme. Die gemeenskap se armoede is die gevolg van wanvoeding en siekte, en die verskaffing van primêre gesondheidsdienste is onbevredigend, met slegs een verpleegsuster by die kliniek etlike kilometer weg van die gemeenskap. Die plaaslike maatskaplike werker beskik nie oor die vermoë of infrastruktuur om toereikend vir die gemeenskap voorsiening te maak nie.

Gemeenskapsverdeeltheid

Daar heers ernstige verdeeldheid binne die gemeenskap, in die besonder tussen die oorspronklike eisers en hul tradisionele leierskap, en diegene wat by die grondeis aangesluit het en wat 'n meer 'moderne' siening handhaaf. Daar bestaan die bedreiging van 'n formele verdeling tussen die gemeenskapsfaksies.

Verhoudings

Dit wil voorkom of talle van die aangeleentede wat betrokke is, vererger word deur en bydra tot verwronge en versteurde verhoudings, binne die gemeenskap sowel as tussen die gemeenskap en ander belanghebbendes. Swak kommunikasie tussen partye dra by tot die verswakking van verhoudings.

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

Hierdie Verslag bevat bevindings wat deur sommige as krities oor hul optrede beskou kan word. Die bedoeling is nie bloot om krities te wees nie, maar om uit die voorleggings en bewyse by aanbevelings uit te kom wat tot vordering betreffende die aangeleentede sal lei.

Die sleutelaanbevelings, na die Bevindings van die Paneel, is:

- Dat die amptenare van die Suid-Afrikaanse Polisie wat betrokke was by die noodlottige skietery op mnr. Optel Rooi vervolgt moet word en so vinnig moontlik voor die hof moet verskyn;
- Dat die Kabinetmemorandum van die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering wat aan die Parlement voorgelê is en wat met aangeleentede soos tradisionele leierskap en verteenwoordiging in regeringstrukture handel so vinnig moontlik geprioritiseer en finaliseer moet word.
- Dat die Plaaslike Raad van Mier moet toesien dat die Khomani San-Vestiging- en -Ontwikkelingstrategie sonder versuim geïmplementeer word;
- Dat twee eksterne bestuurders ('n plaasbestuurder en algemene uitvoerende

bestuurder), met die Departement van Grondsake as toesighouer, aangestel moet word om die Khomani San-gemeenskap by te staan in die bestuur en bewerking van grond, en om tot 'n begrip te kom van die regte en bates wat deur die grondeis aan die gemeenskap toegestaan is;

- Dat alle ooreenkomste wat met die grondeisproses gepaard gaan, oorweeg moet word ten einde al die hangende en uitstaande verpligtinge en verantwoordelikhede van die verskillende betrokke belanghebbendes te identifiseer;
- Dat die verskillende staatsdepartemente wat betrokke is die Khomani San as 'n buitengewone groep met 'n unieke samestelling en status moet erken, en voortdurend daarna moet streef om na die behoeftes van die gemeenskap om te sien, as deel van gestruktureerde ontwikkelingsplanne;
- Dat toegang tot die howe vir die Khomani San-gemeenskap in die hand gewerk moet word deur die instelling van 'n rondgaande of periodieke hof in die Andriesvale-Askham-gebied;
- Dat die Distrikskantoor van die Onderwysdepartement en Opvoedkundige Ondersteuningsdienste onderwys- en moniteringsprogramme van stapel moet stuur om te handel met kindermishandeling en om te verseker dat sodanige programme die behoeftes en belange van die kinders van die Khomani San in aanmerking neem;
- Dat die plaaslike skole moet omsien na die praktiese integrering van kinders uit verskillende historiese en kulturele agtergronde, sowel as na die bestuur van hul unieke behoeftes (byvoorbeeld dat hulle aan ruimtelike vryheid gewoond is);
- Dat die maatskaplike welsyn van die Khomani San-gemeenskap en diegene wat by die gemeenskap betrokke is, bevorder moet word deur die implementering van programme wat handel met die spesifieke maatskaplike probleme wat ondervind word. Bykomende werkers moet aangestel en van die nodige infrastruktuur voorsien word om hierdie taak uit te voer. Wat betref maatskaplikewelsyn-aangeleentede, die verwante behoeftes van die Suid-Afrikaanse

Polisiediens- en ander amptenare wat onder moeilike omstandighede in die Andriesvale-Askham-gebied werk, moet dit ook aandag geniet;

- Dat met die bystand van die aangestelde algemene uitvoerende bestuurder die rolle en funksies van die tradisionele leierskap en die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom se Bestuurskomitee in ondubbel-sinnige terme uitgeklaar en gedokumenteer moet word; en
- Dat die Khomani San-gemeenskap en alle betrokke staatsdepartemente en burgerlike gemeenskapstrukture betrokke moet te raak by 'n proses ter verbetering van verhoudings en om te verseker dat die beginsels van deursigtigheid, aanspreeklikheid en oorlegpleging die grondslag van sodanige verhoudings sal uitmaak. Kontak tussen partye behoort genormaliseer te word, en dit vereis 'n begrip van die Khomani San-gemeenskap.

Die Verslag bevat verder meer gedetailleerde en spesifieke aanbevelings aan verskeie rolspelers.

Die vernedering en lyding van baie van die mense wat hul ervaringe met die Paneel gedeel het, is onrusbarend en lig die behoefte uit vir alle rolspelers om op samewerkende wyse die geïdentifiseerde aangeleenthede te hanteer, binne 'n raamwerk van menseregte gegrond op waardigheid en die bereiking van gelykheid. Die afgeleë ligging van die Khomani San-gemeenskap en die aard van die benarde situasie waarin hulle bevind, moet nie veroorsaak dat die verwesenliking van menseregte onbereikbaar lyk nie. Dit moet eerder beskou word as 'n uitdaging in hierdie tiende jaar van Suid-Afrikaanse demokrasie om grondwetlike regte vir gemarginaliseerde mense te verseker.

INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is een van die onafhanklike grondwetlike liggame wat demokrasie ondersteun en wat ingevolge Hoofstuk 9 van die *Grondwet van Suid-Afrika* tot stand gebring is. Die Kommissie verkry hul mandaat uit die Grondwet en uit die *Wet op die Menseregtekommissie* 54 van

1994. Die SAMRK het ooreenkomstig Artikel 184 van die Grondwet die mandaat om:

- Respek vir menseregte en 'n kultuur van menseregte te bevorder;
- Die beskerming, ontwikkeling en verwesenliking van menseregte te bevorder; en
- Die handhawing van menseregte in Suid-Afrika te monitor en die stand daarvan te bepaal.

Ten einde hul mandaat te vervul, is die SAMRK deur Artikel 184(2) van die Grondwet gemagtig:

- Om ondersoek te doen na en verslag te doen oor die handhawing van menseregte;
- Om stappe te doen ten einde gepaste herstel te verseker waar menseregte geskend is;
- Om navorsing te doen; en
- Om op te voed.

Die SAMRK was nog altyd in die besonder betrokke daarby om te verseker dat die Handves van Regte 'n tasbare verskil vir kwesbare mense in die gemeenskap maak.

In 1999 het die Khomani San 'n historiese oorwinning behaal deur 'n skikking te bewerkstellig vir 'n grondeis van R15 miljoen wat grond aan hierdie 'eerste mense' van Suid-Afrika teruggegee het. Sedert 2003 het die SAMRK egter verskeie klagtes met betrekking menseregteskendings in die Khomani San-gemeenskap van die Askham-Andriesvale-gebied ontvang. In Januarie 2004 is 'n lid van die gemeenskap, mnr. Optel Rooi, gedood. Lede van die plaaslike polisie was betrokke by hierdie sterfgeval, en die daaropvolgende ondersoek het nie gemeenskap tevrede gestel nie. Verder het bewerings van seksuele misbruik en teistering van Khomani San-kindere in die Askham-skool na vore gekom. Daar is die behoefte geïdentifiseer om 'n ondersoek te doen na die optrede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Onderwysdepartement.

Klagtes is ook ontvang oor die algemene lewensomstandighede van die Khomani San-gemeenskap. Die voorsiening van regeringsdienste, die wanbestuur van gemeenskaplike fondse, maatskaplikewelsyn-probleme en gemeenskapsverdeeldeheid het as van die uitdagings na vore

gekom. Aanvanklike ondersoek deur die SAMRK het aan die lig gebring dat die bevordering en beskerming van menseregte deur openbare sowel as private rolspelers ondersoek geverg het. Gevolglik het die SAMRK besluit om 'n Onderzoek te belê ten einde die skending van menseregte in die Khomani San-gemeenskap te ondersoek, ter vervulling van die Kommissie se mandaat en verpligting om die mees kwesbare mense in die gemeenskap te beskerm.

Met hierdie doel voor oë het die SAMRK hulle beroep op die magte waarmee hulle ingevolge die Wet op die Menseregtekommissie bekleed word om:

- 'n ondersoek te doen na enige beweerde skending van menseregte;
- enige persoon te roep om voor hulle te verskyn en aan hulle alle artikels of dokumente in sy of haar besit of onder sy of haar beheer is en wat in verband met sodanige ondersoek nodig kan wees, voor te lê; en
- enige persoon wat voor hulle verskyn te versoek om getuienis onder eed of bevestiging af te lê.

DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die Onderzoek was om die mate te bepaal waarin menseregte in die Khomani San-gemeenskap verweselik is, om die voorkoms van viktimisasie, teistering, verwaarlosing en misbruik van hierdie gemeenskap te ondersoek, en om te bepaal of die menseregte van die Khomani San deur openbare en private rolspelers bevorder is. Die Onderzoek was daarop gerig om die onderliggende oorsake en die impak van moontlike skendings van menseregte in die Khomani- San-gemeenskap vas te stel.

Die Onderzoek was daarop gerig om:

- Die omvang van skendings van menseregte in die Khomani San-gemeenskap te bepaal;
- Ontwikkelingstoestande in die Andriesvale-Askham-gebied in die Kalahari openbaar te maak;
- Die lewensomstandighede van die gemeenskap te bevorder; en

- Respek vir menseregte in die Khomani San-gemeenskap en in die Andriesvale-Askham-gebied te bevorder.

Die doel van die Onderzoek was nie om enigiemand strafbaar te bevind in 'n sin van skuldig of onskuldig nie, en dit was ook nie die doel om iemand in die verleentheid te stel nie. Die doel was eerder om 'n begrip te verkry van hoe menseregte bevorder is, indien dit wel bevorder is, en wat die uitdagings is vir die bevordering van sodanige menseregte in hierdie gemeenskap. As 'n nasionale instelling ter ondersteuning van demokrasie het die SAMRK die verhoor gehou om te ondersoek hoe die Kommissie, in samewerking met die gemeenskap en ander rolspelers, kan verseker dat die Khomani San-gemeenskap tot die punt kan kom waar hulle hul grondwetlike regte ten volle kan uitleef.

Die Paneel het besluit dat die individuele name van beweerde oortreders by die verhoor genoem kan word. Die verslag sluit egter nie die name in nie, aangesien die doel van die ondersoek was om breë tendense en die onderliggende oorsake van skendings van menseregte te identifiseer eerder as om skuld te bepaal, en aangesien geregtelike vervolgingsprosedures hangende is.

Die Onderzoek het gepoog om die lewensomstandighede van die gemeenskap te beskryf, asook die wyse waarop die Khomani San-gemeenskap die omstandighede sien waaronder hulle leef. Daar is gepoog om 'n platform te skep vir die verskillende rolspelers om mekaar te verstaan. Die ondersoek het probeer om die verhoudings wat daar binne die gemeenskap tussen die 'moderne' en die 'tradisionele' Khomani San-mense bestaan, te ontleed, asook die gemeenskap se interaksie met staatsamptenare, verteenwoordigers van NRO's en ander eksterne partye. Die getuienis van gemeenskapslede het van groot pyn en lyding getuig. Die realiteit van die gemeenskap moet genoem word, na geluister word en deur alle rolspelers aanvaar word, ten einde persepsies en gedrag te verander en vordering onderweg na menseregte en volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig.

OPDRAG VAN DIE ONDERSOEK

Die opdrag van die Onderzoek word soos volg in die Staatskoerant¹ uiteengesit:

1. Om die nakoming van Menseregte te ondersoek, insluitende die voorkoms van viktimisasie, teistering, verwaarlosing en misbruik van die Khomani San-mense, soos dit betrekking het op:

Die gedrag van die Suid-Afrikaanse Polisie oor die algemeen teenoor die Khomani San en in die besonder –

- Die ondersoek na die doodskiet van mnr. Optel Rooi sowel as daaropvolgende stappe/maatreëls wat daarna deur die Onafhanklike Klagtedirektoraat en die Direktoraat van Openbare Vervolgings gedoen/getref is, en
- Bewerings van seksuele misbruik en teistering van kinders in Askham-skool sowel as daaropvolgende stappe/maatreëls wat daarna deur die Suid-Afrikaanse Polisie, Onderwysdepartement en ander belanghebbendes gedoen/getref is.

2. Om verder vas te stel of –

Die bevordering en beskerming van menseregte deur openbare en private rolspelers soos die Departemente van Landbou en Grondsake, Behuising, Provinsiale en Plaaslike Regering, Gesondheid, Welsyn en Maatskaplike dienste en Bevolkingsontwikkeling, Onderwys, Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom, konsultante en NRO's wat binne die Khomani San-gemeenskap werksaam is, plaasgevind het.

DIE DRIE FASES VAN DIE ONDERSOEK

Eerste Fase: Navorsing

Die eerste fase van die Onderzoek het navorsing deur personeel van die SAMRK en opdragnavorsing deur onafhanklike kundiges behels. Die navorsing het ingegaan op die geskiedenis van die Khomani San, hul suksesvolle grondeis en aangeleenthede wat relevant is vir 'n beter begrip van die kompleksiteit van die

uitdagings wat deur die gemeenskap ondervind word. Die navorsing is gegrond op primêre bronne en verskeie navorsingsverslae deur antropoloë, die Khomani San-grondeisprokureur, joernaliste, NRO's en konsultante wat by die gemeenskap betrokke is.

Tweede fase: Oorlegpleging

As die tweede fase het lede van die SAMRK die Andriesvale-Askham-gebied besoek om die Onderzoek openbaar bekend te maak en verskillende partye aan te moedig om by die Onderzoek betrokke te raak deur voorleggings te maak. 'n Belangrike aspek van hierdie fase was om mense van die gemeenskap te laat met 'n sin dat hulle gemaklik is met en vertrou met in die Onderzoek en verbandhoudende prosesse.

Derde Fase: Openbare Verhoor

Die derde fase het 'n openbare verhoor van drie dae in Andriesvale behels. Die SAMRK het verkies om die verhoor binne die Khomani San-gemeenskap te hou ten einde mense aan te moedig om dit by te woon en deel te neem. In die loop van die verhoor het Kommissie getuies ingewin vanaf 'n verskeidenheid rolspelers en belanghebbendes, insluitende gemeenskaps-verteenwoordigers, die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom se Bestuurskomitee (VGEBK), NRO's, SAPD, die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD), die Direktoraat van Openbare Vervolging, Noord-Kaap (DOV), verteenwoordigers van Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANP) van die Kgalagadi-Oorgrenspark (KOP), plaaslike en provinsiale regeringsdepartemente. Die Departemente van Grondsake (DGS), Onderwys en Maatskaplike Dienste en Bevolkings-ontwikkeling het die verhoor bygewoon.

METODOLOGIE EN PROSESREÛLS

Die Reëls en Prosedures vir die Onderzoek is dié wat in Artikel 9(6) van die Wet op die Menseregtekommissie uiteengesit word. Ingevolge hierdie prosedurereëls het die SAMRK gevra vir voorleggings aan die Onderzoek oor enige aangeleentheid, met inbegrip van die Opdrag. Voorleggings is aangevra vanaf alle belanghebbende partye, ongeag of hulle 'n groep mense verteenwoordig of as individue optree.

Die sperdatum vir hierdie voorleggings was 27 September 2004. Die SAMRK het daarna individue, instansies, organisasies en staatsdepartemente genooi om die openbare verhoor van 26–28 Oktober 2004 by te woon om mondelinge voorleggings te maak. Die openbare verhoor het plaasgevind onder leiding van 'n paneel wat bestaan het uit twee kommissarisse van die SAMRK, voorsitter NJ Kollapen en kommissaris T Manthatha, asook die voorsitter van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe, dr. M. Guma.

Na die verhoor het die SAMRK-voorsitter en lede van die Paneel hierdie Finale Verslag oor die Onderzoek opgestel. Die Finale Verslag neem alle voorleggings, bewerings, antwoorde en regspunte sowel as feite in aanmerking. Na ontleding van die getuienis wat gelewer is, het die Paneel Bevindings en aanbevelings gemaak. Die Finale Verslag van die Onderzoek en die Bevindings en aanbevelings sal aan die Parlement voorgelê word en openbaar gemaak word op vergaderings wat deur die SAMRK belê sal word.

STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

Die Verslag poog om die inligting te weerspieël wat aan die Onderzoek voorsien is en wat die grondslag uitmaak van die Bevindings en aanbevelings van die Paneel. Die Verslag begin met 'n kort uiteensetting van die sentrale menseregte wat op die spel is, soos verskans in die Suid-Afrikaanse Grondwet, en bespreek die internasionale instrumente wat spesifiek op die beskerming en verwesenliking van die regte van inheemse volke gerig is. Die hoofdeel van die verslag bied in besonderhede die sentrale aangeleenthede wat in die loop van die Onderzoek na vore gekom het, by name:

- Die grondeis en hervestiging;
- Regering en die lewering van dienste;
- Polisiëring
- Onderwys
- Maatskaplike welsyn
- Gemeenskapsverdeeltheid
- Verhoudings binne en met die Khomani San-gemeenskap.

Hierdie afdeling is saamgestel uit navorsing, uit die skriftelike voorleggings wat ontvang is en uit die mondelinge getuienis wat aangehoor is. Dit is so georden dat dit die Bevindings en aanbevelings van die Paneel volg, en is bedoel om die konteks en agtergrond van die Bevindings en aanbevelings te voorsien. Die Verslag sluit af met die Paneel se Bevindings en aanbevelings.

MENSEREGTE BETROKKE

Die Khomani San-gemeenskap word in die gesig gestaar deur komplekse en verweefde menseregte-uitdagings. Hierdie afdeling sit die regte en nasionale sowel as internasionale menseregte-instrumente uiteen wat in plek is om die gemeenskap te beskerm, en wat eis dat die gemeenskap se omstandighede reggestel word.

DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDWET

Dit wat die *Grondwet van Suid-Afrika Wet 108 van 1996* ten grondslag lê, is die waardes van menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die bevordering van menseregte en -vryhede. Hoofstuk 2 bevat die Handves van Regte, wat die menseregte van al die mense van Suid-Afrika omskryf. Wat betref die benarde omstandighede van die Khomani San-gemeenskap is verskeie artikels van die Handves van Regte besonder toepaslik. Dit sluit in:

- erkenning van menswaardigheid en die reg van die Khomani San-mense dat hul waardigheid gerespekteer en beskerm moet word;²
- die reg op lewe;³
- die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby die reg inbegrepe is om vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare of private oorsprong en om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie;⁴
- die reg op privaatheid, waarby die reg inbegrepe is van mense dat hul woning of eiendom nie deursoek of daar nie op hul besittings beslag gelê mag word nie;⁵
- die reg op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en

toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdige ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder;⁶

- dat die staat redelike wetgewende en ander maatreëls binne sy beskikbare middele moet tref om toestande te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike grondslag toegang tot grond te verkry;⁷
- die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste, voldoende voedsel, water en maatskaplike sekerheid en bystand word ook beskerm;⁸
- die reg op basiese onderwys;⁹
- die reg op die gebruik van die taal van hul keuse en om deel te neem aan die kulturele lewe van hul keuse;¹⁰
- die reg op administratiewe optrede (insluitende polisiegedrag) wat regmatig, redelik en prosedureel billik is;¹¹ en
- die reg op 'n beslissing oor enige geskil wat deur die toepassing van die reg besleg kan word in 'n billike openbare verhoor voor 'n hof of, waar toepaslik, 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum.¹²

INTERNASIONALE INSTRUMENTE

Baie inheemse groepe van die wêreld ervaar soortgelyke menseregteverwante uitdagings as die Khomani San-gemeenskap.¹³ Die internasionale diskoers van die regte van inheemse volkere sentreer om 'n sentrale paradoks: enersyds is daar 'n begeerte om tradisionele inheemse kulture en lewenswyses te bewaar; andersyds is daar erkenning van die gedemoraliseerde toestand van so baie inheemse volkere en van hul desperate behoefte aan ontwikkeling en modernisering. Op hul beste gee die bepaling vir inheemse mense in internasionale menseregte-instrumente uitdrukking aan 'n visie van fasilitering van die herbou en sosio-ekonomiese vooruitgang van inheemse volkere, sonder om ander sleutelbeginsels soos 'n respek vir inheemse kultuur en selfbeskikking te misken.¹⁴

Internasionale menseregte-instrumente verklaar duidelik inheemse volkere se inherente reg op

ontwikkeling, asook dat die staat 'n verpligting het om die ontwikkelingsproses te fasiliteer en daartoe by te dra. Sodanige instrumente verleen aan inheemse volkere verhoogde mag om te eis dat stappe deur die staat gedoen word, selfs stappe wat as te ekstrem, progressief of duur vir die bevolking in die geheel geklassifiseer kan word. Hierdie paradigma is van toepassing op inheemse regte wat strek vanaf nie-diskriminasie tot ontwikkeling.¹⁵ 'n Deurlopende tema is dat state opregte respek vir inheemse volkere en hul kulture moet demonstreer en dienooreenkomstig optree.

Die konsep van die Verenigde Volke se Internasionale Verklaring oor die Regte van Inheemse Volkere¹⁶ bepaal dat inheemse volkere die reg het om hul kulturele tradisies en gewoontes te beoefen en nuwe lewe daaraan te gee, met inbegrip van die reg om die manifestasies van hul kulture van die verlede die hede en die toekoms te handhaaf, te beskerm en te ontwikkel. Dit verklaar ook dat inheemse volkere die reg het daarop dat die waardigheid en verskeidenheid van hul kulture, tradisies, geskiedenis en aspirasies op toepaslike wyse in alle vorme van onderwys en openbare inligting weerspieël word. Daar word uitdruklik bepaal dat inheemse volkere die reg het op toegang tot toereikende finansiële en tegniese bystand, van state en internasionale samewerking, om hul politieke, ekonomiese, maatskaplike, kulturele en geestelike ontwikkeling na te streef. Ingevolge hierdie instrument het inheemse volkere die reg op *spesiale maatreëls* vir die onmiddellike, doeltreffende en voortgesette verbetering van hul ekonomiese en maatskaplike toestande, met inbegrip van die gebiede van indiensneming, beroepsopleiding en heropleiding, behuising, sanitasie, gesondheid en maatskaplike veiligheid. Dit bepaal ook dat state doeltreffende maatreëls moet tref ten einde inheemse volkere in staat te stel om administratiewe, regs- en politieke reëls en prosedures te begryp en om in verhouding tot hierdie aangeleenthede begryp te word.¹⁷

Suid-Afrika word verbind ooreenkomstig die *Internasionale Handves oor Burgerlike en Politieke Regte (IVBPR)* en die Opsionele Protokol, wat die Verenigde Volke se Menseregtekomitee magtig om klagtes ooreenkomstig die Handves te ontvang. Artikel 27 van die IVBPR handel oor die regte van minderhede en was waarskynlik oor die jare heen die mees

benutte internasionale instrument vir die beskerming van inheemse regte.¹⁸ Suid-Afrika word ook verbind deur die Afrikahandves oor Mense- en Volkeregte (Afrikahandves) en die Protokol waardeur die Afrikahof van Mense- en Volkeregte tot stand gebring is. Die Afrikahandves bepaal dat alle mense die reg op ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling het, met die nodige inagneming van hul vryheid en identiteit, en dit verleen ook beskerming van menseregte oor die algemeen.

AANGELEENTHEDE DEUR DIE ONDERSOEK HANTEER

GRONDEIS EN HERVESTIGING

Inleiding

Die San-mense (die algemeen gebruikte term vir die inheemse jagter-en-versamelaars-volkere van Suider-Afrika) wat vandag as die Khomani San bekend staan ('n kollektiewe term vir die groep San wat sedert die 1920's as die dominante Sangroep in die suidelike Kalahari geïdentifiseer is) is deel van 'n groep duidelik onderskeibare Sanstamme wat die suidelike deel van die uitgestrekte Kalahari-ekosisteem bewoon. Gedurende 1970 is hierdie mense uit die destydse Nasionale Kalaharigemsbokpark (nou die KOP) onteien, wat hul tradisionele grond in die Kalahari was, en is hulle regdeur Suid-Afrika versprei, waar hulle in klein groep of 'sibbes' as 'n *de facto*-onderklas leef. Soos ander ontwortelde inheemse volkere het die San in 'n groot mate geassimileer geraak in, of gedomineer geraak deur, plaaslike gemeenskappe. Die antieke San-kultuurpraktyke, hoofsaaklik van 'n nomadiese aard, is sporadies in geïsoleerde groepe gehandhaaf.¹⁹

Die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika en die formele beskerming van menseregte in die land het tot die *Wet op die Herstel van Grondregte 22 van 1994* gelei.²⁰ Hierdie veranderinge het sommige dele van die San-gemeenskap saambring in 'n poging om hul grond in die suidelike Kalahari terug te eis, in wat beskou is as deel van hul reis onderweg na die herstel van nie net hul grondregte nie, maar ook hul verlore waardigheid en hul sin dat hulle iewers tuishoort.

In 1991 het die kerngroep van die oorlewende Hanaseb San met mnr. Regopstaan Kruiper as hul tradisionele leier hulle in die toeriste-oord van Kagga Kamma, 'n wildsplaas naby Ceres in die Provinsie Wes-Kaap gevestig. In 1992 het hierdie Kagga Kamma San-groep ('n gemengde groep, insluitende die Khomani, Auni en Namani San-mense) 'n proses begin om meer omtrent hul grondwetlike en menseregte te leer. Die gemeenskap het in kontak gekom met die menseregteprokureur, mnr. R. Chennels, wat die nuwe wetgewing van Suid-Afrika oor grond in die lig van die Grondwet aan hulle verduidelik het.²¹ Hierdie wette verleen aan die gemeenskap die reg tot herstel van verliese wat hulle tot sover gelede as 1913 gely het. Antropologie-gebaseerde navorsing het daarop gedui dat die Kagga Kamma San duidelik grondregte kon bepaal op grond van hul oorsprong in die Nasionale Kalaharigemsbokpark. Die Kagga Kamma San het 'n grondeis van stapel gestuur met die hulp van twee NRO's, die Suid-Afrikaanse San-Instituut (SASI) en die Werkgroep vir Inheemse Minderhede (WIMSA). Teen hierdie tyd het mnr. Kruiper en die Kagga Kamma San hulle volledig met 'n 'herskepte' Khomani San etniese identiteit geassosieer.²²

Die eisergroep, wat in hierdie stadium hoofsaaklik uit die Kruiper-familie bestaan het, het die belangrike besluit geneem om 'andere op die bus te neem'.²³ Die metafoor om 'andere op die bus te neem' verwys na mnr. Dawid Kruiper (die huidige tradisionele Khomani San-leier en seun van wyle mnr. Regopstaan Kruiper) se besluit dat die oorspronklike eisers hul eie grondeis kan versterk en soveel San-mense as moontlik tot voordeel kan strek deur addisionele San-families toe te laat om hulle as grondeisbegunstigdes te registreer, selfs al het hulle nie oorspronklik van die grond gekom wat teruggeëis is nie. Hierdie mense was afkomstig uit gebiede soos Rietfontein, Loubos, Olifantsthoek, Keimoes en Upington en was aan 'n meer 'moderne' siening blootgestel. Nadat die grond suksesvol teruggeëis is, het mnr. Dawid Kruiper SASI versoek om behulpsaam te wees met die hervestiging van ontwortelde begunstigdes en enige San-mense wat nog die voorvaderlike taal geken het.

In 1999 is die eerste fase van die grondeis geskik. Die uitgebreide eisergroep het ses plase wat

altesaam 40 000 hektaar grond beslaan het, naamlik Witdraai, Scottiesford, Andriesvale, Erin, Miershooppa en Uitkoms ontvang. Die ses plase moes tot die voordeel en ontwikkeling van alle Khomani San-mense benut word wat deel uitgemaak het van die nuut gestigte trust van die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom (VGE)²⁴ en wat as mede-eienaars van die teruggeëiste grond geïdentifiseer is.²⁵ Op 21 Maart 1999 het die destydse adjunkpresident mnr. Thabo Mbeki 'n Grondeis-skikkingsooreenkoms onderteken wat die transportaktes van die ses Kalahariplase aan die VGE oorgedra het. Ten tyde van die ondertekening was 297 San-mense in die Khomani San-VGE geregistreer. Die eerste VGE-grondwet en die grondwette wat daarop gevolg het, het die bestaan en belangrikheid van die 'tradisionele leier' van die Khomani San bekragtig. Ingevolge die VGE-grondwet verkies die lede van die VGE die tradisionele leier. Mnr. Dawid Kruiper is sedert die implementering van die VGE-grondwet in hierdie amp verkies.

Benewens die ses plase het die Khomani San-VGE ook regte op 'n deel van die KOP ontvang, om as 'n 'kontrakpark' bestuur te word, tesame met 25 000 hektaar grond wat aan die Mier-gemeenskap toegeken is, behoudens verdere onderhandelings. Die res van die toegewese kapitaalwaarde van die eis was beskikbaar vir die aankoop van bykomende grond of die ontwikkeling van die grond wat nuut in besit gekom het. Die bedoeling was dat die teruggeëiste grond (met die potensieel om op 'n kommersiële grondslag bestuur te word) vir wildboerdery, ekotoerisme en ander verbandhoudende aktiwiteite gebruik sou word. Die hele eis is op R15 miljoen gewaardeer.

Die aanvanklike ooreenkoms het 'n verdere bedrag geld aan die oorspronklike Khomani San-eisers toegeken, wat gebruik moes word om gemeenskaplike grond rondom Welkom aan te koop, met dien verstande dat die Staat residuele bewaarderskap oor hierdie reg sou behou.²⁶ Vroeg in 1999, nadat dit bekend geraak het dat die oorspronklike grondeisers, die Kruiper-familie, in getalle verreweg oorskry sou word deur die ander Khomani San wat 'op die bus geneem is', het die Minister van die DGS spesiale voorsienings vir mnr. Dawid Kruiper en sy onmiddellike familie vanaf Welkom gemaak. Die Minister het aangekondig dat geld beskikbaar gestel sou word om grond

aanliggend aan Welkom vir die oorspronklike San-mense van Welkom en hul afstammeling aan te koop. Die Minister het hierdie besluit geneem as 'n aanduiding van die DGS se waardering vir die bereidwilligheid van die Kruiper-familie om 'andere op die bus te neem'.

Die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom spesifiseer die beginsels wat in VGE-grondwette geakkommodeer moet word. Dit sluit die volgende in:

- Billike en insluitende besluitnemingsprosesse in die sin dat alle lede byvoorbeeld 'n regverdige geleentheid gegun word om aan die besluitnemingsprosesse van die vereniging deel te neem.

Daar is ooreengekom dat vir 'n tydperk van twee jaar, die tweede fase van die grondeis, die ooreenkoms wat die regte en verpligtinge van die Khomani San-gemeenskap ten opsigte van die verkrygte deel van die KOP agterweë te hou ten einde genoeg tyd toe te laat vir die nuutgestigte Khomani San-gemeenskap om hul eie selfregering te organiseer, en om te begin met die ongewone proses van die bestuur van hul eie hervestiging op plase in gemeenskaplike besit.

Die finalisering van die !Ae!Hai Kalahari-erfenisarkooreenkoms is vergesel van onafwendbare konfrontasies en punte van verskil tussen die betrokke partye. Die ooreenkoms is egter deur die nasionale regering, die SANP en die Khomani San- en die Mier-gemeenskap goedgekeur. Hierdie goedkeuring is gevier tydens 'n formele funksie by Twee Riviere op 31 Augustus 2002, gedurende die Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling in Johannesburg. By nabaat beweer sommige van die partye wat by die eis betrokke was dat die finalisering van die Kalahari-erfenisarkooreenkoms deurgedruk is sodat dit binne die Wêreldspitsberaad-vierings sou val.

Ingevolge hierdie ooreenkoms is eienaarskap van 25 000 hektaar grond aan die suidelike grens van die KOP aan die Khomani San-gemeenskap oorgedra. In hierdie deel van die KOP staan dit die gemeenskap vry om binne die perke van die 'kontrakarkooreenkoms' hul kultuurpraktyke te beoefen, te jag, voedsel uit die veld in te samel en

ekotoerisme-ondernemings te bedryf, met spesifieke gebiede vir kommersiële, simboliese en kulturele gebruik. Die ontwikkeling van 'n gemeenskapsnatuurpark, in samewerking met die Mier-gemeenskap, en 'n aansoek om lysting as 'n Internasionale Erfenisterrein is ook beplan.

Baie belanghebbendes en belanghebbende partye het groot pogings aangewend om die sukses van een van die eerste en mees omvattende grondeise ingevolge die *Wet op die Herstel van Grondregte* te verseker. Die Khomani San-belanghebbendes by die grondeis het tot 'n goed beplande en nie te vinnige grondeisproses nie ingestem, ten einde te verseker dat die uitkoms suksesvol, wesenlik en volhoubaar sou wees. Daar is besluit om die grondeis op 'n ferm grondslag van praktiese navorsing te baseer wat nie net die regte van die gemeenskap op die betrokke grond sou bevestig nie, maar wat ook die geskiedenis en kultuur van die gemeenskap sou vervat, tot voordeel van die ontwikkelingsproses wat voorgelê het. Vyf jaar het sedert die afhandeling van die eerste fase van die Khomani San-grondeis verloop. Die Khomani San se lewens- en maatskaplike omstandighede het egter nie wesenlik verbeter nie. Dit wil voorkom of daar te veel belegging in die strategieë en planne vir die aanvanklike grondeisproses was, terwyl die mense wat daarby betrokke was en hul basiese menseregte agterweë gelaat is.

Die grondeis en die hervestigingsproses was uniek uitdagend in die sin dat die Khomani San-gemeenskap verspreid was tot die punt waar daar geen sentrale samehang oorgebly het nie. Verkose verteenwoordigers, tesame met 'n verkose tradisionele leier, moes hierdie hersaamgestelde en 'virtuele' gemeenskap lei sonder die voordeel van vorige beleid of praktyke. Baie van die onderliggende beginsels van demokrasie moes geleer word en, in die afwesigheid van 'n funksionerende 'stamraad' of ander inheemse gesagsliggaam, het wetgewing van die verkose verteenwoordigers en die tradisionele leier vereis om in ooreenstemming met Westerse denke oor 'verteenwoordigende demokrasie' te funksioneer. Hierbenewens bestaan die Khomani San-groepering as 'n hersaamgestelde gemeenskap, en met Dawid Kruiper se besluit om 'andere op die bus te neem', uit 'n mengsel van 'tradisionele' mense en diegene met 'n meer 'moderne' siening, en is daar nie altyd eenstemmigheid tussen hierdie

groepe nie. (Hoewel hierdie onderskeid tussen tradisionalistes en moderniste deur sommige by die verhoor as kunsmatig en verdelend verwerp is.)

Uitdagings

VGE-bestuurskomitee

Een maal elke twee jaar word 'n VGEBK verkies om die gemeenskaplike grond van Khomani San te bestuur. Hierdie komitee het baie verantwoordelike en pligte, wat wissel van die algemene bestuur van die Khomani San-plase tot finansiële beplanning en die bestuur van alle gemeenskaplike bates. Die VGE word op 'n demokratiese grondslag en ingevolge hul grondwet verkies. Op grond van die skriftelike voorleggings en mondelinge getuienis hou verskeie aangeleenthede wat aan die kern van die Ondersoek lê verband met die stigting en funksionering van die VGEBK.

Die lidmaatskap van die eerste VGEBK was gelykop verdeel tussen die 'oorspronklike eisergroep' en diegene wat beskou is as sou hulle 'n 'moderne' agtergrond hê. Die termyn van die eerste VGEBK het April 2001 met bitterheid ten einde geloop toe daar deur 'n amptelike oudit wat deur die DGS aangevra is, bevind is dat lede vir growwe wanbestuur van fondse verantwoordelik was. Hierdie oudit het bevind dat daar nie verantwoording gedoen kon word nie vir fondse van meer as R150 000, en het strafregtelike vervolging teen senior ampsdraers aanbeveel. Geen vervolging het voortgespruit nie, aangesien die Direkteur-generaal (DG) van die DGS verklaar het dat dit hoofsaaklik 'n gebrek aan kapasiteit en kennis was wat tot die verswakking van die VGE se finansiële sake bygedra het. Die VGE se finansiële beampte op daardie tyd stip het byvoorbeeld slegs tot standerd vier skoolgegaan. Na die resultate van die oudit het die DG van die DGS verklaar dat geeneen van die komiteeledes toegelaat sou word om weer vir 'n amp in die VGE te staan nie. Die presiese implikasies en omvang van hierdie bevinding is nooit gedokumenteer nie.

'n Nuwe VGEBK is in Julie 2001 verkies, met die uitsondering van die meeste van die vorige komiteeledes, en het hul nuwe termyn begin met beloftes van gesonde prestasie en strukturele hernuwing. As deel van die tweede fase van die grondeis is daar van die VGEBK vereis om onder

die toesig van 'n taakspan te werk wat uit verteenwoordigers van 'n wye verskeidenheid staatsdepartemente bestaan het. Die Departemente van Onderwys, Behuising, Landbou, Bewaring en Plaaslike Regering is in die taakspan verteenwoordig. Hierbenewens is 'n reeks werkswinkels gehou om oor toepaslike vestiging, ontwikkelings- en administratiewe aangeleenthede te besluit. Daar is formeel deur die VGEBK besluit dat bestuursplanne vir die verkrygte grond opgestel sou word, terwyl riglyne en beleid in plek gestel sou word ten einde te verseker dat inkomste volhoubaar tot die voordeel van grondeis-begunstigdes gegenerer sou word, en dat sodanige inkomste toepaslik bestuur en regverdig verdeel sou word. Die VGE het die tipe aktiwiteite bespreek wat moontlik tot die voortgesette generering van inkomste kon bydra. Hulle het ook die behoefte uitgespreek aan die aanstelling van 'n plaasbestuurder om met die aanvanklike bestuur van die hele teruggeëiste grondgebied behulpsaam te wees. Sover deur die ondersoek vasgestel kon word, is die toesighoudende taakspan ontbind en het geeneen van die bestuursplanne, riglyne of beleid of die aanstelling van 'n plaasbestuurder ooit 'n werklikheid geword nie.

Hierdie VGEBK het ook onder die druk van verwagtinge en 'n gebrek aan uitvoerende vermoë geswig. Hulle het hul ampstermyn in relatiewe wanorde geëindig, met herhalende regs-krisisse met betrekking tot die verkoop van wild, die gepoogde verkoop in eksekusie van die plaas Erin in September 2002 om VGE-skulde te dek en die erkende mislukking van feitlik alle pogings om die VGE-grond te bestuur. Die DGS het 'n aansoek by die Hoë Hof gebring om op grond van wanbestuur die administrasie van die VGE onder die DG van die DGS te plaas. Die aansoek is nie teëgestaan nie en is in November 2002 toegestaan. Getuienis wat aan die Ondersoek voorgelê is, het getoon dat daar geen effektiewe implementering van hierdie hofbevel plaasgevind het nie, wat dus nie tot 'n verbetering in die algemene bestuur van die Khomani San-grond aanleiding gegee het nie.

Die huidige VGEBK is in Julie 2003 verkies met beduidende staatsbetrokkenheid (soos wat dit die praktyk geword het) en in ooreenstemming met die nuwe en uiters omvattende VGE-grondwet, wat met die bystand van die Regshulpbronsentrum opgestel is. Hierdie grondwet bepaal nuwe

kiesersgroepe en verteenwoordiging en maak voorsiening vir 'n 'raad van oudstes' en 'n vorm van 'tradisionele leierskap'. In teorie is die VGE egter steeds onder die administrasie van die DGS, na die November 2002-hofbevel, en dienoreenkomstig sonder hul normale magte wat ingevolge die VGE-wet toegestaan word.

Gedurende die openbare verhoor het die VGEBK twee van hul nuusbriewe voorgelê, gedateer Mei–November 2003 en Januarie–Junie 2004. Dit het aan die lig gebring dat teen Junie 2004 die VGE 'nou uit slegs 11 lede bestaan wat aktief betrokke en op vergaderings teenwoordig is', terwyl die VGE-grondwet voorsiening maak vir 23 verskillende ampte; dat die veebank 'waarskynlik 'n banksaldo van R60 000 het', en dat SASI die VGEBK bystaan wat steeds sonder 'n sentrale administratiewe kantoor met administratiewe hulpbronne soos die gebruik van 'n telefoon, faksmasjien en internet-fasiliteite funksioneer. Dit is duidelik dat die VGEBK 'n tekort aan vermoë, infrastruktuur en ondersteuning het. Hulle ervaar probleme om hul lede bymekaar te hou en die teruggeëiste grond doeltreffend te bestuur. Soos tydens die verhoor verklaar is, '*Ons is nie volledig toegerus of opgelei nie. Toe ons opgelei is, het ons nie verstaan nie. Die Staat was veronderstel om ons te help maar hulle het hulle daarvan weerhou om dit te doen. Hulle lyne is altyd besig*'.

Die Ondersoek ag nie die huidige VGE gering nie. Hulle erken die pogings van die huidige VGEBK om die situasie van die VGE en die Khomani San-gemeenskap te beredder. Hierdie pogings sluit in die organisering van 'n finansiële opleidingsessie en 'n inligtingverspreidingsessie oor die VGE-grondwet in samewerking met Farm Africa. Die Ondersoek neem ook kennis van die VGE se bewerings dat 'n 'grondgebruiksplan' en 'wildsbestuursplan' opgestel is, met die bystand van Farm Afrika. 'n Skema vir die leen van vee ('n veebank), tot die voordeel van beide die VGEBK en gemeenskapslede, is ook geïnisieer. Daar word beweer dat die huidige VGE ly aan lae moraal na die voortgesette mislukking om te presteer en dat prestasie deur 'n gebrek aan vermoë, hulpbronne, bestuur, leiding en 'n begroting sowel as deur skeurings binne hul kiesersgemeenskap aan bande gelê word. Daar is ook uitgelig dat die lede van die VGEBK nie ander werk het nie en dienoreenkomstig nie as 'vrywilligers' beskou

moet word om die gemeenskap op te hef nie. Hulle moet eerder as werknemers van die VGE beskou word en 'n bietjie meer as die nominale tarief betaal word vir wat werklik gedoen word.

Gedurende die Onderzoek is oproepe gedoen vir die aanstelling van bestuurders wat die VGEBK op verskillende bedryfsvlakke kan bystaan. Sommige mense het die mening uitgespreek dat uitvoerende funksies aan 'n bevoegde eksterne bestuurder gedelegeer behoort te word, 'n aanspreeklike gesaghebbende agent wat geen gevestigde belange in die uitkoms van die gemeenskapsinisiatiewe behoort te hê nie. Eerder as om as 'n 'uitvoerende span' te funksioneer, behoort die VGEBK vir oorlegpleging en die formulering van beleid oor alle aangeleenthede rakende grondgebruik, behuising, weiding, die KOP, kommersiële ondernemings, lisensies en projekte gebruik te word. Tot dusver was alle VGE's traag om 'n pos vir 'n algemene uitvoerende bestuurder te skep.

Hierdie stap sou bewerings besweer wat deur sommige lede van die Khomani San-gemeenskap gemaak word dat die VGEBK versuim om die basiese regte te verseker van die mense wat hulle verteenwoordig. Sulke bewerings vloei byvoorbeeld voort uit bewerings dat die Khomani San-lede wat in Andriesvale woonagtig is se water by talle geleenthede afgesny is omdat die VGEBK versuim het om die tariewe te betaal. Die VGE was veronderstel om die tariewe uit VGE-fondse te betaal, maar die Andriesvale-inwoners wat bereid om uit hul persoonlike inkomste by te dra, aangesien die VGE nie genoegsame beskikbare fondse gehad het nie. Die mense wat op die plaas Witdraai woonagtig is, het toegang tot 'n boorgat en pomp, maar hulle is daarna die gebruik van die pomp ontsê en die pype is afgesny – dis nie duidelik deur wie nie. Die VGE-bestuurskomitee het nie regstellende stappe in hierdie verband gedoen nie.

Gebrek aan Grondbestuursvermoë en Ondersteuning na Vestiging

Die suksesvolle grondeis het die Khomani San-gemeenskap se besit herstel van 'n beduidende gedeelte van die Kalahari-grond waar hulle hul oorsprong gehad het. Die plase en bykomende grond wat ontvang is, word op so 'n wyse bestuur dat dit volhoubare ontwikkeling verseker wat

inkomste sal genereer en die gebied vir latere geslagte sal bewaar. Daar is egter 'n totale en sigbare gebrek aan bestuur van die plase, behuising en weivelde, beide deur die VGE in sy bestuurshoedanigheid en deur individuele Khomani San-lede wat op die grond woon. Sedert die afhandeling van die grondeisprosedures was daar geen liggaam of persoon wat van vermoë voorsien is om 'goeie praktyk' met betrekking tot grondbestuur af te dwing nie. Die indruk wat in die proses van die Onderzoek gewek is, was dat dit altyd algemeen erken is dat die Khomani San-gemeenskap 'praktiese bystand' nodig sou hê om die verantwoordelikhede te bestuur wat met die suksesvolle grondeis gepaard gegaan het. Sodanige bystand was egter nie toereikend nie.

Grondgebruiksgeskille

Die skriftelike en mondelinge voorleggings het konflik binne die gemeenskap aan die lig gebring met betrekking die benutting van die ses plase in die besonder. Dele van die gemeenskap wil die grond vir tradisionele doeleindes en selfonderhoudingsaktiwiteite benut (soos kleinskaalse landbou), terwyl dele van die gemeenskap visualiseer dat die grond vir ekonomiese doeleindes gebruik word, soos kommersiële jag, lewendehawe-boerdery en toerisme. Wat tot die geskil bydra, is die feit dat die VGE-grondwet spesifiseer dat 50% van grond slegs vir tradisionele doeleindes toegewys moet word.

Daar is bewerings dat individuele gemeenskapslede weerstand kry van die VGEBK wanneer hulle poog om projekte van stapel te stuur soos groentetuine, inisiatiewe met spoorsnyers of die ontwikkeling van 'n 'tentepark' op die plaas Witdraai. Sommige voorleggings het kommer uitgespreek dat die VGEBK en hul ondergeskikte komitees arbitrêr oor kwessies van grondadministrasie en toedeling en toepaslike grondgebruiksregte besluit. Besluite wat implikasies van 'n wye omvang het en wat 'n impak op die gemeenskaplike grond, eiendom en bates van die VGE het, behoort streng ooreenkomstig die VGE-grondwet en op 'n demokratiese grondslag geneem te word.²⁷

Implementering van die !Ae!Hai Kalahari-erfenisparkooreenkoms

Die Onderzoek het ontevredenheid onder die Khomani San-gemeenskap gevind met betrekking tot die implementering van die !Ae!Hai-Kalahari-erfenisparkooreenkoms.²⁸ Ten spyte van die SANP se verklaarde voorneme om wyses te vind om die Khomani San-erfenis aan die identiteit van KOP te koppel, is daar bewerings dat die Khomani San vrye toegang tot die KOP ontsê word. Voorleggings dui aan dat die Khomani San-gemeenskap nie gemaklik met die bestaande prosedure is waarvolgens hulle 'n register met teken en deur 'n KOP-bewaarder vergesel moet word wanneer hulle die park binnegaan nie.

Daar is ook bewerings gemaak dat die SANP, as die senior vennoot wat oor kapasiteit beskik in die Gesamentlike Parkbestuursraad, tot nou toe nog nie enige inisiatiewe gefasiliteer het om die bepalinge van die ooreengekome Kontrakparkbestuursplan te implementeer nie. Dit hou verband met kapasiteitsbou, kleinsake-ontwikkeling en toereikend in stand gehoude infrastruktuur (soos watertoevoer) op die KOP-grond wat aan die Khomani San-gemeenskap behoort. Die gemeenskap dui aan dat hulle 'n gebrek aan begrip van of beheer het oor belangrike KOP-regte en -prosesse, wat twee kommersiële besoekerskampe insluit waarin die Khomani San 'n beduidende aandeel kan hê. Daar word ook beweer dat die gemeenskap nog nie al die grond ontvang het wat deur die KOP ingevolge die grondherstelreëlins oorgedra moet word nie.

Daar was oproepe nie net vir die KOP nie, maar ook vir die oorspronklike Khomani San-eisers (in hul persoonlike hoedanigheid) om in die bestuursforums van die KOP verteenwoordig te wees. Die oorspronklike Khomani San-eisers is almal in die KOP gebore, en die KOP-gebied, insluitende die benutting van die grond en enige ander ontwikkelings, is dus vir hulle van die uiterste belang. Aangesien baie van die lede van die VGE uit ander gebiede in die land afkomstig is, vrees die oorspronklike Khomani San-eisers 'n gebrek aan belangstelling of 'n verminderde behoefte aan aktiewe deelname in KOP-aangeleenthede van die breër Khomani San-gemeenskap soos deur die VGE verteenwoordig.

Die Welkom Meentgrondfonds en die Welkom-verklaring

Ingevolge die 1999-grondeisskikking het die Minister van die DGS geld aan die Kruiper-familie beskikbaar gestel om grond in die Welkom-gebied vir die oorspronklike San-mense van Welkom en hul afstammeling te koop. 'n Bedrag van R517 000 is oorbetal aan die Kruipers en die Welkom-San ten opsigte van die waarde van twee plase wat hulle voornemens was om vir hierdie doel te koop. Die plase wat die Kruiper-familie egter in gedagte gehad het, was nog nie te koop nie. Die geld is in die Welkom Meentgrondfonds onder bestuur van die Khomani San-grondeisprokureur belê, waar dit tans nog belê is.²⁹

In September 2002 is 'n bedrag van R226 829,61 aan die DGS uit die trustfonds betaal ten einde die verkoop in eksekusie van die plaas Erin te verhinder, en hierdie bedrag is nie deur die DGS terugbetaal nie, ten spyte van voortgesette versoeke. Na hierdie Onderzoek is die kapitaal en rente terugbetaal. Die trustfonds beloop in hierdie stadium 'n totaal van ongeveer R790 000.

Lede van die Khomani San-gemeenskap en die VGEBK het aangedui dat hulle nie oor toereikende kennis oor die stand van die fonds beskik nie en formele dokumentasie oor die bestuur en beskerming van hierdie belegging vereis. Nie al hierdie gemeenskapslede is egter primêre begunstigdes van die fonds nie, waarvan die gelde nie deur die VGE vir algemene doeleindes of maandelikse onkoste gebruik mag word nie, maar slegs vir die doeleindes van verkryging van grond vir die Kruiper-familie en die Khomani San van Welkom.

Op 6 Februarie 2004 is 'n dokument getitel die 'Welkom-verklaring' aan die regering voorgelê waarin die kwessies en bekommernisse van die oorspronklike Khomani San van Welkom uiteengesit word.³⁰ Die Verklaring het versoek dat die regering toelaat dat hierdie deel van die Khomani San-gemeenskap besit neem van die plase Erin, Witdraai en Miershooppan, en om onafhanklike bestuur en ontwikkeling van hierdie grond te onderneem. In wese was die Welkom-verklaring 'n pleidooi vir 'n verdeling tussen die VGE en die Khomani San-mense wat van Welkom afkomstig is

Betrokkenheid van die Departement van Grondsake en die Kommissie vir Herstel van Grondregte

Die DGS is die belangrikste staatsdepartement wat vir die bestuur en administrasie van grondherstelprosesse verantwoordelik is.³¹ Daar word gesê dat hierdie departement in 'n groot mate tot die sukses van die Khomani San-grondeis bygedra het. Ingevolge die tweede fase van die grondeis-ooreenkoms in 2002 was die bedoeling ook dat die staat vir 'n tydperk van minstens drie jaar bystand aan die Khomani San sou lewer, deur die kantoor van die Kommissaris vir Grondeise in die DGS, ten einde die Khomani San in staat te stel om hul hulpbronne te bestuur en selfbeskikkend te raak. Die DGS is gekritiseer omdat daar nie hierby en by ander verpligtinge ingevolge die Wet op *Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom*³² gehou is nie, omdat hulle hul daarvan weerhou het om uitvoering aan die November 2004-bevel van die Hoë Hof te gee, omdat hulle versuim het om te begroot vir en toe te sien dat ervare individue met bestuursvermoë aangestel word en vir die feit dat hulle nie die nodige belangrikheid aan die opstel van 'n ontwikkelingsplan geheg het nie, waarvoor daar in die grondeis-ooreenkoms voorsiening gemaak is.

Hierbenewens is daar 'n beroep op die DGS gedoen om koördinering en samewerking tussen verskillende regeringsfere en ander partye betrokke by die gemeenskap, soos NRO's en konsultante, te verseker. Die Kommissie vir Herstel van Grondregte het beperkte ingrypingsmagte in die bestuur van die Khomani San-grond. Die onus rus dus op die kantoor van Streekskommissaris vir Grondeise, en in wese op die DGS, om die aanstelling van bestuurders ('n uitvoerende bestuurder en 'n plaasbestuurder) te fasiliteer om as die sentrale 'toegangspunte' op te tree waardeur eksterne belanghebbendes en ander staatsdepartemente met die gemeenskap moet skakel en met die VGEBK moet saamwerk.

In die reaksie op die ontevredenheid met hul prestasie het die Departement beweer dat die plig van die DGS en die Streekskommissaris vir Grondeise primêr is om na die oordrag van die grond om te sien. Die Departement erken egter dat die 'regering 'n verantwoordelikheid het om prioriteitsaandag aan die ontwikkeling van

grondeisbegunstigdes te skenk' en beweer dat 'daar verwag word/aanvaar word dat die plaaslike owerheid, as 'n lynfunksiedepartement, na hierdie ontwikkeling moet omsien'. Gedurende die openbare verhoor is daar deur die DGS erken dat monitering van die uitvoering van hierdie plig in wese hul verantwoordelikheid bly. Die DGS beweer dat die mandaat van die Departement om na die na-vestigingsondersteuning van die Khomani San-gemeenskap om te sien slegs as deel van die 2002-grondeis-ooreenkoms ontstaan het, maar talle probleme van hierdie gemeenskap het reeds lank voor hierdie ooreenkoms ontstaan. Terwyl die DGS beweer dat hulle strukture opgestel het, tot die ontwikkeling van die VGE-grondwet bygedra en komitees tot stand gebring het, insluitende die KOP-komitee, wil dit voorkom of die Departement die basiese behoeftes van die gemeenskap wat hulle help hervestig het, agterweë gelaat het.

Tydens die openbare verhoor het die Siyanda-distriksmunisipaliteit erken dat hulle van die DG van die DGS opdrag ontvang het om die Khomani San-gebied te bestuur en te koördineer. Die Distriksmunisipaliteit se spesifieke pligte was om om te sien na die koördinering van verantwoordelikhede en dienste van alle rolspelers en om met kapasiteitsbou van die VGE te help. 'n Taakspan is tot stand gebring na die finalisering van die oordrag van grond aan die Khomani San-gemeenskap in 2002, wat in 2003 ontbind is sonder dat veel bereik is, en hul funksies is na bewering aan die Streekskommissaris vir Grondeise en die Premier van die Provinsie oorgedra.

Te veel hande in die spel?

Die San-mense van Suid-Afrika en ander dele van Afrika het oor die algemeen die aandag van navorsers en menseregtegroepes getrek. Die Khomani San-gemeenskap en hul pogings om hul grond terug te eis en hulle daarop te vestig het 'n groot hoeveelheid belangstelling van verskeie eksterne partye ontlok, insluitende NRO's, nasionale en internasionale media, gespesialiseerde kundiges, toeriste en navorsers. Gegewe die historiese onteiening en gevolglike verarming van die San-gemeenskap is die insette, deelname en ondersteuning van mense wat waarde aan hulle belange heg belangrik. Hierdie eksterne betrokkenheid het tot die realisering van sommige entrepreneursprojekte bygedra. Daar word egter

beweer dat die ongekoördineerde betrokkenheid van te veel eksterne mense en organisasies dit moeilik maak vir die Khomani San-gemeenskap om 'n gemeenskaplike identiteit te ontwikkel en groepsdinamiek te bestuur, en dit belemmer die gemeenskap se vermoë om hulle eie toekoms te bepaal.

Daar word gesê dat hoewel die bedoelings van baie eksterne partye en diensverskaffers edel mag wees, hulle ondersteuning nie die gemeenskap in die geheel bevoordeel nie, en dit nie sal doen totdat die Khomani San toegelaat word om onafhanklik as 'n samehorige gemeenskap te funksioneer nie, met die interne vermoë om op 'n gestruktureerde wyse by eksterne partye betrokke te raak. Staatsdepartemente sien die betrokkenheid van te veel eksterne partye as ondermyning van die regering se pogings om die gemeenskap met hul eie ontwikkeling te help. Daar is bewerings gemaak dat sommige individue of organisasies moontlik ook vir persoonlike gewin betrokke kan wees. Oproepe is dienooreenkomstig gemaak vir 'n sentrale liggaam om die betrokkenheid van eksterne partye te koördineer.

DIE REGERING EN LEWERING VAN DIENSTE

Inleiding

Dit wil voorkom of die regering wat betref die vestigings- en ontwikkelingsproses na die suksesvolle grondeis in versuim was. 'n Aantal van die onmiddellike behoeftes van die Khomani San-gemeenskap het betrekking op die verskaffing van basiese regeringsdienste, wat in die besonder die verantwoordelikheid van plaaslike regering is. Daar is ontevredenheid met die plaaslike raad van Mier omdat water, sanitasie, afvalbestuur en ontwikkeling nie vir die Khomani San-gemeenskap gerealiseer het nie. Hierbenewens is die proses van die opstel van die nodige planne vir die vestiging op en die ontwikkeling van die Khomani San-grond slegs teen die einde van 2004 voltooi, en moet die planne nog goedgekeur word, terwyl die verantwoordelikhede van verskillende vlakke van regering en van staatsdepartemente nog opgeklaar moet word, en daar dan ten volle daarvolgens opgetree moet word.

Uitdagings

Munisipale dienste

Die Khomani San-mense was histories nomadies, en die natuur het in hul basiese behoeftes voorsien. Die gemeenskap betrokke by hierdie Onderzoek en woonagtig binne die munisipale grense van die Plaaslike Raad van Mier het die behoefte uitgespreek aan toereikende infrastruktuur vir water, sanitasie, elektrisiteit en afvalbestuur. Die eis om hierdie dienste spruit nie voort uit die aanvaarding van 'moderne' praktyke nie, maar ook uit die vereistes van doeltreffende bestuur van die grond wat verkry is.

Die Plaaslike Raad van Mier het in versuim gebly om water, sanitasie of afvalverwyderingsdienste aan die Khomani San-gemeenskap te voorsien, ten spyte daarvan dat dit 'n jaarlikse begroting van R18 miljoen het. Die primêre verskoning in die plaaslike raad se skriftelike voorlegging aan hierdie Onderzoek is dat formele dorpsstigting ingevolge die Ontwikkelingsplan nog deur die Kommissie vir die Herstel van Grondregte (sien hieronder) goedgekeur moet word. Die plaaslike owerheid het suksesvol by die regering aansoek gedoen om 'n bedrag van R2,6 miljoen vir die verskaffing van grootmaat-waterdienste aan die Khomani San-grond. Die implementering van hierdie program is egter uitgestel, ook hangende die goedkeuring van die Ontwikkelingsplan.

Met betrekking tot die verskaffing van gratis basiese dienste aan kwalifiserende gesinne het die Plaaslike Raad van Mier weer eens die goedkeuring van die Ontwikkelingsplan as die rede vir hul versuim van lewering aangevoer. 'n Bedrag van R2,5 miljoen is van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika verkry om waterinfrastruktuur op plase tot stand te bring en die bestaande jag- en toerisme-infrastruktuur in die gebied te verbeter. Van hierdie bedrag moet R1,5 miljoen spesifiek benut word om die genoemde oogmerke op Khomani San-grond te verwesenlik. Sover vasgestel kon word, is hierdie projek nog nie geïnisieer nie.

Verder het die Plaaslike Raad van Mier fondse van die Departement Omgewingsake en Toerisme (DOST) vir die ontwikkeling van twee kuns- en kultuursentrums verkry. Een sentrum moet op die

plaas Erin vir die gebruik en tot voordeel van die Khomani San-gemeenskap ontwikkel word, en die ander op die plaas Rietfontein vir die gemeenskappe wat daar woonagtig is. Dit is onduidelik wanneer die proses van die oprigting van hierdie sentrums 'n aanvang sal neem. Die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike besoekers-kamp in die Kontrakpark in die KOP tot die voordeel van die Khomani San-gemeenskap sowel as die Plaaslike Raad van Mier is tans in die beplanningsfase. Sover vasgestel kon word, is vordering met die projek stadig en is die Khomani San-gemeenskap nie toereikend ingelig of betrokke nie.

Met betrekking tot die ontwikkeling van die institusionele vermoë van die VGE het die Plaaslike Raad van Mier gedurende die loop van die openbare verhoor hul voorneme verklaar om die VGEBK-lede in te sluit by 'n opleidingsprogram wat deel van die 'munisipale ondersteunings-program' uitmaak. Hulle het ook aangebied om by te staan met die bestuur van hul finansiële state en uitstaande finansiële ouditprosesse

Die plaaslike owerheid het die mening uitgespreek dat wedersydse respek vir en kommunikasie tussen die plaaslike regering en die Khomani San-VGE tot die suksesvolle implementering van die genoemde projekte en programme sal bydra. Daar is verklaar dat die Khomani San-gemeenskap klaarblyklik nie ten volle begryp dat, hoewel hulle die wettige grondeienaars geword het, die grond steeds binne die geregtelike grense van die plaaslike regeringsowerheid val nie, wat sekere magte en pligte het om te vervul. Gemeenskapslede voel op sekere tye dat die uitvoering van die magte en pligte deur die Munisipaliteit van Mier 'inmenging' op Khomani San-grond uitmaak. Die munisipaliteit se vervulling van hul pligte behoort tot die voordeel van die Khomani San-gemeenskap te strek, en verg hul samewerking.

'n Plan vir Plaaslike Ontwikkeling

Die teenwoordigheid van 'n unieke kieserskorps van mense binne die regering se munisipale gebied vereis waarskynlik van die regering om spesifieke voorsiening vir hierdie gemeenskap te maak. Sodanige voorsiening behoort gemaak te word deur die opstel, goedkeuring, implementering en monitering van ontwikkelingsplanne, strategieën

beleid waarvoor daar deur nasionale wetgewing met betrekking tot plaaslike regering voorsiening gemaak word. Sodanige dokumente kan ingesluit word in 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, 'n Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk en 'n Omgewingstruktuurplan. 'n Ontwikkelingsplan sou handel met baie van die aangeleenthede wat nou sleutelkwessies vir hierdie Ondersoek is, met inbegrip van realistiese beplanning binne gestelde tydsraamwerke, en die uitklaring van rolle en verpligtinge en die dienste wat deur die verskillende departemente en sferes van die regering gelewer moet word.

In September 1999 het die VGEBK begin om die behoefte aan die opstel van 'n 'ontwikkelingsplan' uit te spreek. Die VGEBK het egter nie oor die vermoë beskik om hierdie onderneming aan te pak sonder die bystand van plaaslike regering of die DGS nie. Slegs in Februarie 2004 het die Kommissie vir die Herstel van Grondregte 'n plaaslike kontrakteur, Stabilis Development, genader om te begin met die proses om 'n ontwikkelingsplan op te stel – wat waarskynlik in 1999 voor die oordrag van die grond in plek moes gewees het.

Stabilis Development het 'n 'Khomani San-Vestiging- en Ontwikkelingsstrategie' (ook genoem die 'Meesterplan') opgestel. 'n Sosio-ekonomiese opname en 'n 'Konsep-bestekbepalingsverslag vir die Ontwikkeling van Behuising op geselekteerde terreine in die Mier Munisipale Gebied', insluitende 'n omgewingsimpakevaluering, is by die 'Meesterplan' aangeheg. Dit is op 17 September 2004 vir goedkeuring aan die Kommissie vir die Herstel van Grondregte voorgelê.

Die Khomani San-Vestiging- en Ontwikkelingsstrategie is primêr daarop gerig om " 'n ordelike proses vestiging te verseker en die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Khomani San-gemeenskap te bevorder' Kortliks streef dit om:

- 'n Stewige grondslag vir uitvoerbare en realistiese ontwikkelingsbeplanning binne die gegewe tydsraamwerke te lê;
- 'n Duidelike raamwerk te lewer om in gedetailleerde beplanningsbedrywighede te slaag (soos die ontwikkeling van 'n Khomani San-dorp op hul eie teruggeëiste grond);

- Verantwoordelike regeringsliggame tot die uitvoering van hul rolle, die verskaffing van dienste en deelname aan die Khomani San-beplannings- en implementeringsprosesse te verbind; en
- As grondslag vir moniterings- en evalueringsdoeleindes te dien.

Hoewel die Khomani San-gemeenskap nie in die Verhoor op die ‘Meesterplan’ kommentaar gelewer het nie, is die bestaan van ‘n ontwikkelingstrategie sekerlik vordering, en handel dit met sulke dringende aangeleenthede soos die stigting van ‘n dorp (met inbegrip van ‘n kliniek en ‘n skool) waar die Khomani San-gemeenskap hulle kan vestig. Dit wil voorkom of daar gemeenskapsdeelname aan die ontwikkeling van die strategie was. Die dokument verklaar: ‘Stabilis Development het gebruik gemaak van ‘n proses genaamd Openbare Landelike Evaluering (OLE) om aan elke individuele lid van die Khomani San die geleentheid te gee om insette te lewer in die ontwikkelings-oogmerke en aktiwiteite wat vir hul plase en ander grond beplan word. Hierdie proses is ontwerp vir situasies waar mense nie funksioneel geletterd is nie of oor lae vlakke van skoling beskik, soos in die Khomani San-gemeenskap.’

Die Vestiging- en Ontwikkelingstrategie bepaal dat, hoewel die Kommissie vir die Herstel van Grondregte die proses geïnisieer het, die implementering daarvan en gepaardgaande ontwikkeling *‘beheer sal word deur die leidende Plaaslike Owerheid, die Mier-munisipaliteit, in samewerking met die bestuurskomitee van die Khomani San-VGE’*. Die disseminasie van die beleid en die implementering daarvan word nou die verantwoordelikheid van die plaaslike regering.

Gekoördineerde en Samewerkende Bestuur

Die verwesenliking van menseregte vir die Khomani San vereis gekoördineerde en samewerkende bestuur van alle vlakke van die regering en toepaslike departemente. Die Ondersoek het in besonder die bydraes en verantwoordelikhede van die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering (DPPR) bevraagteken. Die Khomani San-Vestiging- en Ontwikkelingstrategie verklaar dat *‘steun van Plaaslike en Provinsiale Regering... dwingend noodsaaklike is vir die kort- en langtermynsukses*

van die hervestiging en ontwikkeling van die Khomani San-gemeenskap’.

Na aanleiding van vrae en versoeke van die kant van die SAMRK en die Paneel het die DPPR aan die Ondersoek hul Organisasoriese Oorsigverslag vir die tydperk 1994–2004 voorgelê.³³ Die DPPR-verslag bespreek die Nasionale Khoi-San-Raad (NKSR), wat op 27 Mei 1999 tot stand gebring is. Die NKSR bestaan uit 21 lede wat verteenwoordigend is van die hoofgroepe wat hulself as Khoi-San identifiseer. Die San-gemeenskap, wat een van die 21 groepe is en die Khomani San insluit, is verteenwoordig. Die NKSR is tot stand gebring as ‘n tussentydse liggaam om:

- As ‘n skakelingsmeganisme tussen die regering en die breër Khoi-San-gemeenskappe te dien;
- Navorsingsprosesse met betrekking tot die Khoi-San-gemeenskappe by te staan en te ondersteun; en
- Voorstelle met betrekking tot hul grondwetlike status, hul regte en hul bestuur te maak.

Gedurende 1999–2000 het die DPPR en die NKSR navorsing uitgevoer en ‘n omvattende verslag opgestel oor aspekte soos die erkenning van tradisionele Khoi-San-leierskapstrukture en sodanige leiers se verteenwoordiging in plaaslike, provinsiale en nasionale regeringstrukture, grondeis-herstelprosesse en die beskerming van die Khoi-San-erfenis. In Oktober 2002 het die Minister van die DPPR die NKSR ontmoet om die verslag te bespreek. Op hierdie vergadering is ‘n taakspan saamgestel om ‘n Kabinetsmemorandum op te stel om te handel met sake soos die realisering van die Khoi-San se grondwetlike regte, bestuur, ontwikkeling en dienslewering. Die Memorandum het die staatsdepartemente geïdentifiseer wat daarvoor verantwoordelik is om met die volgende sleutelaangeleenthede te handel:

- Tradisionele leierskap en verteenwoordiging in regeringstrukture: DPPR;
- ‘Eerste nasie’ en/of ‘inheemse volk’-status van Khoi-San-gemeenskappe en bekragtiging van internasionale instrumente: Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling;

- Taal en erfenis: Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie; en
- Historiese grondeise en herstel: DGS

Aanvanklik is daar gedink dat die Wetsontwerp op Tradisionele Leierskap en Bestuursraamwerk tradisionele Khoi-San-leierskap en verteenwoordiging in regeringstrukture sou insluit. Daar is vervolgens ooreengekom dat 'n afsonderlike wetgewende proses nodig was ten einde na die spesifieke tradisionele leierskapsbehoefte van die Khoi-San-gemeenskappe om te sien. Dienooreenkomstig het die DPPR in September 2003 met die NKSAR vergader om die aanvanklike Memorandum te wysig, wat in daardie stadium nog nie aan die DG van DPPR voorgelê is nie, en om ooreen te kom oor die besonderhede van 'n afsonderlike beleids- en wetmakingsproses vir die erkenning van tradisionele Khoi-San-leierskap. 'n Taakspan is tot stand gebring om teen April 2004 'n plan van aksie vir die opdatering van die bestaande Memorandum te finaliseer, asook die opstel van 'n Besprekingsdokument en 'n Beleidsvoorsteldokument.

Gedurende die openbare verhoor het die DPPR aangekondig dat die Memorandum aan die Parlement voorgelê is. Hierdie Memorandum kan die rolle van die betrokke staatsdepartemente uitklar ten einde samewerkende bestuur te verseker. Daar word gehoop dat dit ook 'n meganisme in plek sal stel om regeringsprestasie te monitor. Die DPPR en SAMRK wag op 'n antwoord.

POLISIËRING

Inleiding

Die noodlottige skietery in Januarie 2004 waarvan mnr. Optel Rooi die slagoffer was, het openbare aandag gevestig op die behoefte aan ondersoek van die polisie se gedrag in die Andriesvale-Askham-gebied. Hierdie skietery was nie die enigste voorval van beweerde onwettige polisiegedrag in die gebied nie. Daar word gesê dat die polisie sigbaar traag is om 'n konstruktiewe rol in die Khomani San-gemeenskap te speel. Die Paneel het verskeie voorleggings ontvang wat spesifieke bewerings teen die polisie oor die algemeen en sekere SAPD-lede in die besonder

bevat het. Hierdie bewerings is onder die aandag van Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD) en die Direkteur van Openbare Vervolgings (DOV) van die Noord-Kaap gebring.³⁴

Algemeen gesproke is die wese van hierdie bewerings soos volg:

- SAPD-lede intimideer lede van die Khomani San-gemeenskap (spesifiek in die Witdraai-gebied), beide deur die gebruik van afstootlike en vernederende taal en deur op 'n aggressiewe wyse op te tree, in die meeste gevalle om geen duidelike rede nie;
- SAPD-lede was na bewering verantwoordelik vir die verwydering van die waterpomp op die plaas Witdraai wat (met die nodige toestemming) benut is vir 'n ekonomies lewensvatbare tuin van inheemse plante, 'n kleinskaalse kwekery en vir drinkwater vir die gemeenskap sowel as vir wild;
- Khomani San-lede se persoon word deursoek en hulle word ondervra en beslag op hul eiendom gelê sonder dat die betrokke SAPD-lede prosedures verduidelik of redes vir sodanige gedrag verstrek;
- Na ondersoek deur die OKD van klagtes wat teen die polisie gelê is, weier die DOV om te vervolg, of neem hulle andersins 'n onredelike lang tyd om 'n besluit ten opsigte van vervolging te neem. Sonder om spesifieke bewerings teen hierdie twee owerhede te maak, is die Khomani San-gemeenskap oor die algemeen ontstig oor die tydrowende vervolgingsprosesse, terwyl die onuithoudbare situasie in die Witdraai-gebied voortduur;
- Die Khomani San-gemeenskap voel traag om sake te rapporteer waarby SAPD-lede betrokke is. Hierdie sake bly onge-rapporteer en daar word ook nie daarmee gehandel nie, en dit veroorsaak toenemende spanning tussen die polisie en die gemeenskap; en
- Sommige van die lede van die SAPD is by kommersiële aktiwiteite op Khomani San-grond betrokke.

Hierbenewens dui die voorleggings op die behoefte aan 'n rondgaande, periodieke of spesiale hof in Askham of Rietfontein, aangesien toegang tot

howe bemoelik word omdat die hof wat die naaste aan die Khomani San-grond is, in Upington geleë is, ongeveer 200 kilometer daarvandaan. Die Onderzoek het nie net die Khomani San-gemeenskap se gebrek aan bewustheid van die onderskeie rolle van die SAPD, die OKD en die DOV nie, maar ook van die prosesse wat deur slagoffers gevolg moet word wanneer sake vir ondersoek aangemeld word, aan die lig gebring.

Ten spyte van die bewerings wat gemaak is, wil dit voorkom of die gemeenskap respek het vir die rol wat die SAPD in die gebied behoort te speel. Een van die klaers het sy getuienis afgesluit met die volgende kommentaar: *‘Maar ek is steeds ‘n vriend van die polisie omdat, sonder die beheer en geregtelike ingryping van die polisie, daar geen orde in die land of onder sy mense sou wees nie.*

Bewerings teen die SAPD word weerlê deur die bewering dat die polisie in die uitvoering van hulle pligte te staan kom voor die uitdaging van die las om in ‘n afgeleë gebied te funksioneer.

Uitdagings

Die noodlottige skietery op mnr. Optel Rooi

Die Khomani San-gemeenskap se ontevredenheid met die ondersoek na die doodskiet van mnr. Optel Rooi deur die polisie, die stadige vordering en die beperkte terugvoer was een van die sleutelredes vir die Onderzoek.

Op 3 Januarie 2004 het mnr. Silikat van Wyk en mnr. Johannes ‘Optel’ Rooi by die Molopo Lodge-drinkwinkel aangegaan om water te kry om huis toe te neem. Twee SAPD-lede het met ‘n bakkie opgedaag – hulle beweer hulle het opgetree ooreenkomstig ‘n klag van huisbraak en diefstal of poging daartoe. Geen getuienis of besonderhede van sodanige klag is voor die Paneel gebring nie. Toe die polisie aankom, het mnr. Van Wyk en mnr. Rooi geskrik en weggehardloop. ‘n Skietery het gevolg, klaarblyklik met geen getuienis nie. Op 4 Januarie 2004 het dit bekend geword dat mnr. Optel Rooi doodgeskiet is. Die polisie het nooit die naasbestaandes van mnr. Rooi omtrent die voorval verwittig nie, maar het oor die algemeen bystand verleen met die begrafnisreëlings, wat die vervoer van die liggaam en die verskaffing van hout en groente ingesluit het.

Hierdie aangeleentheid is deur die OKD ondersoek. Die DOV het die dossier op 7 April 2004 ontvang en die aangeleentheid is na twee senior advokate verwys. Die DOV verklaar dat daar onmiddellik aandag aan die aangeleentheid gegee is, en ‘n besluit is geneem om nie te vervolg nie en die ondersoekbeampte te versoek om ‘sekere ander aspekte’ te ondersoek. Hierdie besluit is op 22 April 2004 aan die OKD oorgedra. Die SAMRK is ook van hierdie besluit in kennis gestel. Die betrokke dossiere is na die DOV teruggestuur en ‘n verklaring deur die ondersoekbeampte het die aangewese advokate ingelig dat een van die betrokke SAPD-lede nie bereid was om ‘n verklaring af te lê nie, hoewel hy wetlik daartoe verplig was. In die lig van hierdie ontwikkeling, en ook as gevolg van sekere bewerings wat op ‘n aktualiteitsprogram op nasionale televisie op 25 Mei 2004 gemaak is, is ‘n vergadering met die ondersoekbeampte gereël. Gedurende hierdie vergadering het die advokate versoek dat alle bewerings volledig ondersoek moet word en het hulle sekere opdragte vir die ondersoek gegee.

Die ondersoekbeampte het op 15 Julie 2004 terugrapporteer en aangedui dat geen beëdigde verklarings verkry kon word om die bewerings te staaf wat tydens die televisie-uitsending gemaak is nie. Die SAPD-lid was steeds nie bereid om ‘n verklaring af te lê nie en die aangewese advokate het met die DOV oorleg gepleeg oor die pad vorentoe. Die SAMRK is hieromtrent ingelig.

By die verhoor het die DOV aangedui dat verdragings tot op daardie punt veroorsaak is deur die behoefte aan verdere ondersoek en om ‘n verklaring van een van die betrokke SAPD-lede te verkry. Op 28 Oktober 2004 het die DOV by die verhoor aangekondig dat die besluit geneem is om beide die betrokke SAPD-lede in die Hoë Hof van moord aan te kla. ‘n Datum vir die verhoor sal bepaal word na oorleg met die regsverteenvoerders van die aangeklaagdes. Die presiese feite van hierdie saak sal deeglik ondersoek word as deel van die vervolgingsprosedures wat sal volg.

Voorvalle van aanranding

Gedurende die Onderzoek het verskeie lede van die Khomani San-gemeenskap aangedui dat hulle betrokke was by ongerapporteerde voorvalle van

aanranding deur lede van die SAPD wat in die Witdraai-gebied werksaam was. Hoewel dit 'n bron van groot kommer is omdat die lede van die Khomani San-gemeenskap sowel as die lede van die SAPD beskerm moet word, sal daar nie op die besonderhede van hierdie voorvalle ingegaan word nie.

Tydens die verhoor het die DOV alle prosesse aangedui wat op die OKD-ondersoeke gevolg het met betrekking tot spesifieke voorleggings van gemeenskapslede wat deur die SAMRK ontvang is. In een van die gevalle sal vervolging plaasvind. In hierdie geval is een van die SAPD-lede wat by die moordsaak van mnr. Optel Rooi betrokke was, betrokke. As gevolg van 'n gebrek aan getuienis sal geen ander vervolging plaasvind nie.

Private Ekonomiese Betrokkenheid

Voor 1999 is een van die ses plase wat aan die Khomani San oorgedra is, naamlik Witdraai, effektief deur die SAPD besit. Oor die dekades heen het lede van die SAPD 'n kultuur van boerdery op Witdraai ontwikkel, wat hulle as 'hulle plaas' ter vergoeding vir die afgeleënhed van die polisiestasie beskou het. Die oordrag van eienaarskap het na bewering bygedra tot die versteurde verhoudings tussen die Khomani San-begunstigdes en lede van die SAPD in die gebied.

Sedert die Khomani San-gemeenskap die eienaarskap van hul aangewese grond oorgeneem het, het die polisie nie opgehou om in die gebied te boer nie, spesifiek op die plaas Witdraai. Bewerings is gemaak dat lede van die SAPD steeds perde en skape in hul private besit gehad het wat op Witdraai en ander Khomani San-grond gewei het. Dit het plaasgevind op die grondslag van informele of private 'ooreenkomste' wat in twyfelagtige omstandighede met die VGE, Khomani San-leiers of individuele gemeenskapslede gesluit is. Hoewel hulle in besit was van jaglisensies, toestemmingsbriewe wat van die Khomani San-VGEBK verkry is en ander dokumentasie, is die private ekonomiese betrokkenheid van lede van die SAPD op Khomani San-grond deur die Khomani San-gemeenskap en die OKD gekritiseer.

Werkomstandighede van die Polisie

Tydens die Ondersoek is daar beweer dat die polisie onder moeilike werksomstandighede moet funksioneer en dat dit bydra tot die mislukking van die SAPD om die Khomani San aktief te dien. Die gebied is geïsoleer en min geleentheid of fasiliteite bestaan vir ontspanning. Lede van die polisie sluit hulle aan by plaaslike boere, wat hul persoonlike vriende is, in jag- en boerderyondernemings. Die polisie word beskuldig dat hulle 'kop in een mus' met hierdie boere is, en dat hulle met hulle saamsweer om die Khomani San te teister.

In baie gevalle moet polisielede wat in die Witdraaigebied werksaam is sake ondersoek waarby dronkenskap, die onwettige gebruik en besit van dagga en klagtes van ergernis of wangedrag betrokke is. Daar is beweer dat hierdie take moeisam kan wees en tot vooroordeel en partydige gedrag teenoor die Khomani San kan aanleiding gee.

ONDERWYS

Inleiding

Die SAMRK het klagtes omtrent seksuele misbruik van kinders, teistering en negatiewe gedrag teenoor sommige van die Khomani San-kindere en hul ouers in Askham-skool ontvang. Kommer is ook uitgespreek oor die versuim van die skool om die integrasie van kinders van verskillende agtergronde en met tradisionele lewenswyses – maatskaplik en binne die onderrigkurrikulum – te bestuur. Die Khomani San is nie heeltemal aan formele onderwys gewoond nie, en pogings behoort aangewend te word deur staatsdepartemente en ander belanghebbendes om te verseker dat lede van die gemeenskap toegang tot formele onderrig kan verkry op 'n wyse wat tot hul ontwikkeling en dié van die gemeenskap kan bydra.

Uitdagings

Seksuele Misbruik, Teistering en Diskriminasie

In Mei 2002 het 'n vader van die Khomani San-gemeenskap 'n skriftelike klagte by die Gebiedsbestuurder in die Siyanda-distrikskantoor van die Onderwysdepartement ingedien en beweer dat daar seksuele misbruik en molesting van

kinders by die JJ Adams Gekombineerde Skool in Askham plaasvind. Die Distrikskantoor het die klage in die hande van die skoolhoof gelaat, wat slegs vier maande later aan die Distrikskantoor terugrapporteer het. Vir sover vasgestel kon word, kon die skoolhoof nie bewys van molestering of ander vorme van seksuele misbruik of teistering vind nie. Geen stappe is teen enige van die onderwysers of ander skoolpersoneel gedoen nie, maar die Distrikskantoor het in hul antwoord aan die besorgde vader aangedui dat hulle 'n formele ondersoek na die saak sou doen. Skriftelike voorleggings sowel as mondelinge getuienis dui daarop dat geen sodanige ondersoek plaasgevind het nie aangesien daar gevind is dat die *'lug by die skool gesuiwer is'*. 'n Algemene gevoel van ontevredenheid met die wyse waarop die plaaslike skoolhoof en die Siyanda-distrikskantoor van die Onderwysdepartement die bewerings hanteer het, heers in die gemeenskap. Die verwysing van die aangeleentheid na die plaaslike maatskaplike werker het op niks uitgeloop nie as gevolg van 'n gebrek aan kapasiteit en omdat sy geen vervoermiddel tot haar beskikking het nie.

In Mei 2003 was daar algemene bewerings omtrent die diskriminerende gedrag van nie-Khomani San-kindere en ouers teenoor Khomani San-kindere en -ouers. Hoewel geen formele klagtes gelê is nie, is 'n vergadering om hierdie en verwante aangeleenthede te bespreek in Mei 2003 met die waarnemende Distriksdirekteur, die Mensehulp-bronbeampte, die Onderwys-administrasie-beampte en die beampte van Opvoedkundige Steundienste sowel as verskeie ouers gehou. Dit is onduidelik in watter mate die Khomani San-ouers verteenwoordig was. Die aangeleentheid wat bespreek is, het dissipline by die skool, ontoereikende toesighouding, die diskriminerende gedrag van kindere, seksuele teistering onder kindere en 'n gebrek aan ondersteuningsdienste ingesluit. Na hierdie vergadering het Opvoedkundige Steundienste aangebied om getraumatiseerde kindere by te staan en onderhoude met hulle te voer indien nodig, en die skoolhoof het die aangeleentheid met sy personeel bespreek, wat hulle tot die algemene verbetering van toestande by die skool verbind het.

In Junie 2004 het die Kringbestuurder van die Onderwysdepartement Askham Gekombineerde Skool besoek en gevind dat die algemene toestand

van die skool en hul geboue onaanvaarbaar was. Die skoolhoof het opdrag ontvang om onmiddellik met opknappings te begin, in samewerking met die skoolraad. 'n Maand later is geen verbeterings nog gemaak nie, en het die skoolhoof 'n finale skriftelike dissiplinêre kennisgewing in hierdie verband ontvang. Daar is sedertdien berig dat opknappings daarna begin het.

Vervoer

Die meerderheid van die Khomani San-kindere is op die plase Andriesvale en Witdraai woonagtig, maar die naaste laerskool is 16 kilometer daarvandaan. Gesinne beskik nie oor private vervoer nie, en geen busdiens of ander vorm van openbare vervoer bestaan tussen die skool en Andriesvale-Askham-gebied nie. Aangesien baie Khomani San-huishoudings nie koshuisgelde kan bekostig nie, woon kindere skool op 'n sporadiese grondslag by, of glad nie. Die naaste sekondêre skool, Rietfontein Senior Sekondêr, is ongeveer 140 kilometer vanaf die KOP en die Welkom-gebied geleë, en weer eens is daar geen vervoer vir die Khomani San-kindere beskikbaar nie.

Tradisionele Khomani San-kindere en Toeriste-uitbuiting

Een van die uitdagings wat die onderwysers en bestuur van die skole in die gesig staar, is om die Khomani San-kindere binne die klaskamers op die skoolperseel en binne die koshuis te wou. Die Khomani San-kindere ervaar probleme om in 'n beperkte of ingeslote omgewing te funksioneer omdat hulle gewoon is om vrylik rond te beweeg. Hierbenewens word hulle uit die skool gelok deur die geld wat hulle kan verdien deur toeriste by stalletjies te vermaak wat 'tradisionele' Khomani San-kunsprodukte verkoop. Die stalletjies is nie noodwendig in die Andriesvale-Askham-gebied geleë nie en kindere word blootgestel aan gevare, aangesien hulle lang afstande vanaf die huis reis om geld van toeriste verdien. Toeriste betaal om die kindere te sien wat dikwels in 'n verwaarloosde toestand is.

Na die persdekking in Julie 2004 oor jong Khomani San-kindere wat toeriste in Brits vermaak, het die Siyanda-distrikskantoor van die Onderwysdepartement in samewerking met die Adjunkhoof

van Askham stappe gedoen en die kinders na Askham terugbring, waar hulle weer skool toe is. Daar bestaan egter kommer dat hierdie kinders sal terugkeer na 'n lewenswyse waar hulle tot R200 per dag kan verdien deur toeriste te vermaak. 'n Verslag van die Gemeenskaps-ontwikkelings-beampte van die Onderwysdepartement dui aan dat slegs 'n maand later drie van die vyf kinders wat teruggebring is, uit die skool afwesig was. Soos tydens die Verhoor beweer is, 'bots toerisme en onderwys' in die Andriesvale-Askham-gebied.

Onderrigkurrikulum

Die mening is uitgespreek dat die plaaslike skole in die Andriesvale-Askham-gebied kinders behoort toe te rus met 'n breër opvoeding as wat in die tradisionele kurrikula vervat is. Die onderrigkurrikulum behoort onderrigbehoefes met betrekking tot die onmiddellike omgewing en die unieke kulturele samestelling van die Khomani San-gemeenskap te kombineer met dié van die formele kurrikulum en die realiteite van die breër Suid-Afrikaanse en wêreldwye konteks.

MAATSKAPLIKE WELSYN

Inleiding

Die herverskryping van hul grond het klaarblyklik nie die maatskaplike welsyn van die Khomani San wesenlik verbeter nie. Die gemeenskap se huidige armoede lei tot wanvoeding en siekte, terwyl die misbruik van alkohol en *dagga* aanduidend is van en aanleiding gee tot ernstige maatskaplike en ander probleme. Daar is klagtes uitgespreek dat die maatskaplike euwels in die gemeenskap nie toereikende aandag van die betrokke maatskaplike werkers ontvang nie

Uitdagings

Misbruik van Alkohol en *Dagga*

Die plaaslike drankwinkel in die Andriesvale-gebied doen goeie besigheid deur sogenaamde 'killing me softly' te verkoop, die troetelnaam van die Khomani San-gemeenskap vir hul gunsteling-dranksort. Alkohol en *dagga* word onder lede van die Khomani San-gemeenskap misbruik, insluitende kinders, dit veroorsaak konflik met

ander lede van die gemeenskap en die SAPD, en probleme by die plaaslike skole. Geen bewyse van ingrypingstrategieë om hierdie aangeleenthede te hanteer vanaf die kant van die Departement van Maatskaplike Aangeleenthede of ander liggame wat by die gemeenskap betrokke is, is aan die Onderzoek voorgelê nie.

Gesondheidsdienste

Die verskaffing van basiese gesondheidsdienste in die Andriesvale-Askham-gebied is onbevredigend. Daar is slegs een verpleegsuster by die Askham-kliniek, verskeie kilometer weg van waar die Khomani San-gemeenskap woonagtig is. Wydverspreide tuberkulose, aangevuur deur wanvoeding en armoede, is maar een van die siektetoestande wat mediese ingryping verg. Daar is beweer dat dit primêr die verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfere is om na die behoorlike verskaffing van gesondheidsdienste om te sien.

Kapasiteit

Die voorleggings wat ontvang is en mondelinge getuienis deur die plaaslike maatskaplike werker dui op 'n gebrek aan kapasiteit om haar verantwoordelikhede na te kom. Sy moet 'n wyd uitgestrekte gebied dek en die Khomani San-gemeenskap is nie die enigste gemeenskap waarvoor sy verantwoordelik is nie. Dit is kommerwekkend dat in 'n gebied wat honderde hektaar beslaan, sy nie toegang tot vervoer het nie.

GEMEENSKAPSVERDEELDHEID

Inleiding

Die metafoer van 'op die bus neem', die dieper betekenis daarvan en veral die gevolge van die oop grondeis moet nie onderskat word nie. Dit wil voorkom asof die Khomani San oor die algemeen 'n gedeelde visie het van 'n ontwikkelde, vreedsame en volhoubare gemeenskap op die grond wat hulle regmatig teruggeëis het. Hierdie gedeelde visie het verwronge geraak as gevolg van die verskillende benaderings tot die benutting en bestuur van die grond deur die meer tradisionele Khomani San-lede (die oorspronklike eisers) en diegene wat aan moderne praktyke en idees

blootgestel was (diegene wat ‘op die bus’ geneem is). Dit het ook duidelik geword dat dele van die gemeenskap die betrokkenheid van eksterne partye verwelkom, terwyl andere van mening is dat hierdie partye die oorsaak van gemeenskapsverdeelheid is. Die rol van die VGE en die tradisionele Khomani San-leiers se betrokkenheid by bestuurs- en besluitnemingsprosesse veroorsaak verdere verdeling en onenigheid.

Uitdagings

Die tradisionele leier en die VGE

Spanning tussen die twee dele van die nuutgevormde Khomani San-gemeenskap was reeds in 2000 duidelik toe ‘n werkwinkel by Kalahari Trails die moontlikheid geopper het van ‘n ‘egskeiding’ tussen die oorspronklike/tradisionele eisers vanaf Welkom en die ander. Daarna, benewens die Welkom-verklaring wat vroeër genoem is, het mnr. Dawid Kruiper aangedui dat hy nie meer aan VGE-vergaderings sal deelneem nie, hoewel die VGE-grondwet hom verplig om dit te doen. Hy is van mening dat hy slegs in die spel gebring is om dokumente te onderteken wat nie aan hom verduidelik is nie, ten einde toegang tot Khomani San-fondse te verkry. Hy het ook sy ongemak uitgespreek met die wyse waarop die VGE-grondwet voorsiening maak vir die verkiesing van ‘n opvolger vir die tradisionele Khomani San-leier, terwyl die San-kultuur op oorgeërfde leierskap gegrond is.

Dit is onduidelik wat die komplikasies van Artikel 6.1.3 van die grondwet van die VGE kan wees, wat soos volg lui dat indien die tradisionele leier grondwetlik as lid van die VGEBK onthef word, hy ook sy amp as tradisionele leier sal verloor. Artikel 6.1.7 maak egter voorsiening dat die VGEBK na insette van die tradisionele leier as lid van die VGEBK met verloop van tyd staande reëls oor die werkswyse van die tradisionele leier en oor samewerking tussen die tradisionele leier en die VGEBK kan ontwikkel.

Die verligting wat deur die tradisionele leier van die Khomani San verlang word, is ‘n verdeling van die gemeenskap. Mnr. Dawid Kruiper gee uitdrukking aan sy visie van ‘n voortgaande pad na waar dit groen is. Die pad verdeel egter sodat in sommige gevalle selfs vriende van mekaar

afskied moet neem’. Die VGEBK beweer dat hulle tradisionele leier nie toereikend by besluitnemingsprosesse en die aanpak van gemeenskapsprobleme betrokke raak nie, en te veel aandag daaraan skenk om eksterne partye soos die media en NRO’s te hanteer

VERHOUDINGS

Inleiding

Skryflike voorleggings en verskeie emosionele toesprake by die verhoor het dit duidelik gemaak dat baie van die probleme wat deur Khomani San-gemeenskap ervaar word, die gevolg is van verwronge en versteurde verhoudings. Hierdie versteurde verhoudings spruit voort uit en vuur die aangeleentheid aan wat hierbo geopper is. Wat op die spel is, is verhoudings tussen

- die SAPD en lede van die Khomani San-gemeenskap;
- eksterne partye en die gemeenskap;
- die verskillende sfere van die regering wat betrokke is;
- wit boere en die Khomani San-gemeenskap;
- die ‘tradisionele’ Khomani San en diegene wat ‘n meer ‘moderne’ siening handhaaf; en
- die VGEBK en die res van die begunstigdes van die grondeis.

Uitdagings

Kommunikasie

Verhoudings tussen interne en eksterne partye word deur swak kommunikasie ondermyn. Kommunikasie word in die wiede gery nie net deur die gebrek aan infrastruktuur nie, maar ook deur die afwesigheid van pogings om vooroordele, wanpersepsies en misverstande te besweer. Swak kommunikasie tussen die breër Khomani San-gemeenskap en die VGEBK, asook tussen die VGEBK en die plaaslike regering is in die loop van die Onderzoek uitgelig. Hierbenewens beweer lede van die Khomani San-gemeenskap dat voortgesette pogings om met die Minister en DG van die DGS en met die Minister en DG van die DOST te kommunikeer, misluk het. Hulle beweer dat hulle deur hierdie staatsdepartemente geïgnoreer word en dat dit neerkom op inbreuk

op hul reg om deur staatsamptenare gehoor te word, op hul reg op regverdige administratiewe handeling en op hul reg om oor die algemeen uit samewerkende bestuur voordeel te put.

Uitklaring van rolle

Hierdie Onderzoek bring die dwingende behoefte om vir die Khomani San die rolle, funksies en verantwoordelikhede van verskillende staatsdepartement, eksterne partye en ander liggame betrokke by die proses van hervestiging en ontwikkeling duidelik te maak. Die Khomani San het die behoefte uitgespreek om te weet wanneer om wie om te nader met spesifieke uitdagings en probleme wat ervaar word. Een lid het in mondelinge getuienis die volgende gesê: *‘Ons weer nie presies watter staatsdepartement ons moet help om inligting te verkry oor byvoorbeeld watter grond by ons grond ingesluit is, en watter grond nie. Ons word na wette verwys, maar ons weet nie van of verstaan nie die wette nie’*. Hierbenewens bestaan daar die behoefte om die presiese rol van die VGEBK en die tradisionele leier in die leiding van die Khomani San-gemeenskap te identifiseer.

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

GRONDEIS EN HERVESTIGING

Bevindings

- As gevolg van ‘n verskeidenheid redes bestaan daar tans ‘n situasie van wanorde onder die Khomani San-mense wat voordeel geput het uit die grondeisproses en ‘n situasie van onsamehangende bestuur van die Kalaharigrond (die ses plase en die grond in die KOP).
- Sekere agterstande wat betref die Khomani San-gemeenskap se ontwikkeling bestaan as gevolg van:
 - o Die versuim/in gebreke bly deur die DGS wat betref die November 2002-bevel van die Hoë Hof om die Khomani San-VGE effektief onder die Departement se bestuur te plaas;
 - o Verwant aan die voorgenoemde, die versuim/in gebreke bly deur die DGS om ‘n uitvoerende bestuurder en/of

plaasbestuurder aan te stel vir die Khomani San-gemeenskap en die grond waarop hulle nou woonagtig is;

- o ‘n Algemene onbegrip vir sover dit die bepalings van die omvattende maar hoogs tegniese VGE-grondwet betref;
 - o Die onvermoë van alle bestuurskomitees van die VGE tot dusver om doeltreffende bestuur van die teruggeëiste grond oor te neem, en die dreigende verdeling tussen die tradisionele Khomani San-mense en diegene wat ‘op die bus geneem is’; en
 - o Die vertraging in die opstel van die Khomani San-ontwikkelingstrategie deur die Kommissie vir Herstel van Grondregte en die gevolglike vertraging in die verskaffing van basiese dienste deur die plaaslike regering.
- Dit is die algemene gevoel van hierdie Onderzoek dat ‘n groot klomp inspanning in die beplanning en bereiking van ‘n suksesvolle grondeis ingesit is. Die implementeringsfase het egter in gebreke gebly om ‘n proses van volhoubare ontwikkeling op verskillende vlakke te inisieer, om basiese mense- en ander regte van die grondeisbegunstigdes te beskerm asook om die lank benadeelde Khomani San-mense van kapasiteit te voorsien.
 - Die omvang en betekenis van talle van die verkrygte grondregte en bates, soos die regte met betrekking tot die KOP en die bestuur van die Welkom Meentgrondtrust, is steeds vir die breër gemeenskap onduidelik.
 - Te veel eksterne partye is by die Khomani San betrokke sonder dat hierdie betrokkenheid gereguleer of gekoördineer word.
 - Die Onderzoek is geadviseer dat die probleme wat ondervind word met en deur die VGE nie uniek aan die Khomani San is nie, maar dat dit probleme is wat ervaar word deur VGE’s wat in Suid-Afrika geregistreer is.

Aanbevelings

- Die DGS moet, onmiddellik en totdat die bestuurskapasiteit van VGEBK verbeter, prakties uitvoering gee aan hul verpligtinge ingevolge die 2002-bevel van die Hoë Hof.
- Daar word aanbeveel dat voorgenoemde bewerkstellig word deur die aanstelling van 'n plaasbestuurder en 'n uitvoerende bestuurder om binne die Khomani San-gemeenskap en saam met die VGE sowel as die tradisionele leier te werk
- Die VGE-grondwet moet hersien word deur middel van 'n proses van openbare deelname ten einde 'n Khomani San-vriendelike dokument te skep, wat met die kernkwessies ten opsigte van die bestuur en funksionering van die VGE sal handel. Die sinergie tussen die bestuurs- en administratiewe rol van die VGE en die leierskapsrol van tradisionele leiers moet sorgvuldig in hierdie dokument verduidelik word.
- Die Khomani San-ontwikkelingsstrategie moet sonder versuim deur die plaaslike raad van Mier geïmplementeer word, in noue samewerking met die DGS-aangestelde bestuurders.
- Die Raad van die KOP moet voorsiening maak vir verteenwoordiging nie net van die VGE nie, maar ook van die tradisionele leier van die Khomani San-gemeenskap.
- Die redes vir die beheerde toegang tot die KOP moet duidelik vir al die lede van die Khomani San-gemeenskap uiteengesit word. Dit moet duidelik gemaak word dat dit nie die bedoeling is om 'oor die Khomani San-mense se skouers te loer' of om hulle uit die park te hou nie, maar dat administratiewe beheer eenvoudig om veiligheidsredes is.
- Die tradisionele leierskap moet onmiddellik aan boord gebring te word van die ontwikkelings- en besluitnemingsprosesse ten opsigte van die gesamentlike besoekerskamp in die KOP, en by voltooiing van die kamp in die KOP moet Khomani San-mense voordeel put uit werksgeleenthede wat geskep word. Huidige Khomani San-indiensneming in die KOP moet ook ondersoek word.

- Die DGS, deur middel van die bestuurders wat aangestel sal word, moet omsien na die koördinerende, gestruktureerde betrokkenheid en beginselvaste deelname van alle eksterne belanghebbende partye.

DIE REGERING EN LEWERING VAN DIENSTE

Bevindings

- Baie van die dwingende behoeftes en menseregteverwante uitdagings van die Khomani San-mense hou regstreeks verband met basiese dienste wat deur die plaaslike regering gelewer moet word.
- Die plaaslike owerheid van Mier het hulle daarvan weerhou om baie van hierdie dienste te lewer, en het die opstel en aanvaarding van die Khomani San-ontwikkelingsstrategie en formele dorpstigting ingevolge daarvan as reg-verdiging voorgelê.
- In gevalle waar daar goeie redes bestaan om nie basiese munisipale dienste te lewer nie, het die plaaslike regering versuim om dit aan die Khomani San-gemeenskap te kommunikeer ten einde te probeer om 'n werkbare oplossing te vind of goeie verhoudings met gemeenskapslede te behou.
- Lede van die Khomani San-gemeenskap het aanvanklik toe hulle hul grond verkry het probleme ondervind om die omvang daarvan te beseef en te begryp om deel van 'n munisipale struktuur uit te maak.
- Die Khomani San-Vestiging- en -Ontwikkelingsstrategie is die verantwoordelikheid van die Plaaslike Raad van Mier. Hierdie dokument dien as riglyn en is inderdaad die 'meesterplan' vir die prosesse wat met vestiging gepaard gaan – byvoorbeeld die verskaffing van elektrisiteit, sanitasie en die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap. 'n Belangrike aspek van die plan is die verskaffing van formele dorpstigting en residensiële ontwikkeling op minstens twee van die plase waarby ongeveer 250 gesinne baat sal vind.
- Die finalisering van die Khomani San-grondeis het 'n groot hoeveelheid aandag

gedurende die Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling in 2002 getrek. Die suidelike deel van die Kalahari wat betrokke was by die Khomani San-grondskikking is 'n ekologies sensitiewe en omgewingsbelangrike gebied. Ongeag hiervan is daar nog nie veel gedoen wat betref volhoubare omgewingsbestuur nie, hetsy deur belanghebbende eksterne partye, die gemeenskap self of die verskillende staatsdepartement wat betrokke is nie. Dit is kommerwekkend om te sien dat die Bestekbepalingsverslag wat by die Vestiging- en Ontwikkelingstrategie aangeheg is, nie die *Wet op die Nasionale Omgewing Wet 46 van 2003* in aanmerking neem nie, wat uiteindelik daarop gerig is om 'n gemeenskap se grondwetlike reg op 'n nie-skadelike en beskermde omgewing te beskerm.

Aanbevelings

- Daar word aanbeveel dat die onlangs goedgekeurde Khomani San-ontwikkelingstrategie met onmiddellike inwerkingtrede deur die Plaaslike Raad van Mier geïmplementeer word.
- Die Plaaslike Raad van Mier moet gehou word by hul amptelike onderneming om met ingang van Januarie 2005 munisipale dienste op die Khomani San-plase te verskaf
- Die Plaaslike Raad van Mier moet stelsels implementeer om toe te sien dat basiese dienste soos water sonder versuim verskaf word.
- Fondse wat van die Munisipale Ondersteuningsprogram verkry word, moet sonder versuim tot die voordeel van die Khomani San-gemeenskap benut word.
- Voorsiening moet gemaak word vir 'n Khomani San-verteenwoordiger om in die Plaaslike Raad van Mier te dien en 'n program moet geïnisieer word om aan die Khomani San-mense te kommunikeer hoe die munisipale struktuur werk en wat die gemeenskap se verantwoordelikhede is.

Bevindings

- Die polisie in die Witdraaigebied het 'n behoefte aan fundamentele verandering in houding, gepaard, indien moontlik, met 'n verandering in personeel, ten einde verhoudings met die gemeenskap te herstel en in staat te wees om die uiteindelijke aspirasies en doelstellings van die SAPD te bereik.
- Verskeie ernstige bewerings is teen die polisie gemaak wat werkzaam is in die gebied waar die Khomani San-gemeenskap woon. Die meeste van hierdie bewerings is hetsy waar bewys of het die gemeenskap ten minste met 'n gevoel gelaat dat hulle sonder plaaslike beveiliging en beskerming is.
- Die meeste van die lede van die Khomani San-gemeenskap verstaan nie polisiëringsprosesse, metodes wat vir misdaad-bekamping gevolg word of die verloop van SAPD-verwante OKD- en DOV-prosedures nie.
- Daar bestaan 'n dwingende behoefte aan 'n rondgaande of spesiale hof in die Andriesvale-Askham-gebied.
- Lede van die SAPD moet nie klagtes of bewerings teen lede van die SAPD sommer net afmaak nie, selfs as is slegs 'n klein gedeelte van die gemeenskap wat deur hulle bedien word, betrokke. Elke Suid-Afrikaanse burger het die reg om 'gedien en beskerm' te word, ongeag of hulle deel van 'n minderheidsgroep is al dan nie.
- Die private ekonomiese betrokkenheid van SAPD-lede op die grond van die Khomani San-gemeenskap skep baie gebiede van konflik met die gemeenskap en moet dus nie toegelaat word om voort te duur nie.
- Daar bestaan 'n behoefte aan verstewiging van die bestaande Gemeenskaps-polisiëringsforum deur insluiting van lede van die Khomani San-gemeenskap in die geledere daarvan en deur verhoudings met die gemeenskap te herbou.

Aanbevelings

- Daar word aanbeveel dat die vervolgingsprosedures met betrekking tot die dood van mnr. Optel Rooi die hoogste moontlike prioriteit ontvang
- Daar moet sterk oorweging geskenk word aan 'n bestuursverandering binne die SAPD wat in die Khomani San-gemeenskap werkzaam is, ten einde versteurde verhoudings te herstel.
- Polisiëringsprosedures en -prosesse behoort op 'n toeganklike wyse aan elke lid van die gemeenskap gekommunikeer te word, insluitende kinders.
- Die Departement van Justisie moet dit oorweeg om 'n rondgaande of spesiale hof in die Andriesvale-Askham-gebied tot stand te bring.
- Die private ekonomiese betrokkenheid van SAPD-lede op Khomani San-grond moet onmiddellik tot 'n amptelike einde gebring word.

ONDERWYS

Bevindings

- Die ernstige bewerings van seksuele misbruik van kinders en teistering het nie bevredigende aandag geniet nie. Voorleggings oor die aangeleentheid wat van die skoolbestuur en verteenwoordigers van die Onderwysdepartement ontvang is, is vaag, terwyl die inhoud daarvan neig om te verskil van mondelinge voorleggings en voorleggings deur die Departement van Maatskaplike Sake.
- Die Departement van Maatskaplike Sake is geneig om die basiese behoeftes van die Khomani San-kindere oor die hoof te sien, en noem gemeenskapsverdeeldheid en die 'vreemde kulturele agtergrond' van die kinders as struikelblokke. Blote erkenning van bestaande maatskaplike probleme soos alkohol- en dwelmmisbruik is nie 'n toereikende bydrae tot die verbetering van die algemene lewensomstandighede van die Khomani San-gemeenskap nie.
- Dit is hoofsaaklik die skoolhoof en skoolraad se verantwoordelik om toe te sien

dat enige aanklagte met betrekking tot seksuele misbruik, teistering of diskriminasie deur enige deel van die gemeenskap wat deur skool bedien word, doeltreffend en spoedig hanteer word.

- Die huidige kurrikulum van die Askham Gekombineerde Skool neem nie die unieke samestelling van die skoolgemeenskap en hul spesiale behoeftes met betrekking tot kultuur en taal toereikend in aanmerking nie.
- Pogings om verandering by Askham Gekombineerde Skool te bring, om algemene omstandighede te verbeter of om met die belangrike aangeleenthede en probleme van kinders en ouers by die skool te handel, vind nie teen toereikende spoed plaas nie
- 'n Gebrek aan daaglikse vervoer vir die Khomani San-kindere, wat 'n taamlike afstand vanaf die skole woonagtig is, beteken dat baie kinders nie skool op gereelde grondslag by woon nie.
- 'n Blote 3,6 persent van die Khomani San-gemeenskap het gematrikuleer en slegs 1,1 persent van die gemeenskap het tersiêre onderrig of ander naskoolse opleiding ontvang.

Aanbevelings

- Daar word aanbeveel dat toekomstige bewerings van seksuele misbruik of teistering van kinders onmiddellik deur die bestuur van die betrokke skool, die SAPD sowel as die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling hanteer word.
- Bestuurskomponente van die skole wat deur Khomani San-kindere bygewoon word, moet nuwe en innoverende wyses ontwikkel om die opvoedingsverwante probleme wat deur die Khomani San-gemeenskap ondervind word, te hanteer.
- Oorweging moet geskenk word aan die totstandbrenging van 'n vervoerstelsel vir kinders van die Khomani San-gemeenskap. So 'n stelsel kan skoolbywoning verbeter, en kan die probleme teëwerk wat ondervind word wanneer Khomani San-kindere gedwing word om in koshuise by die skool in te woon, insluitende die probleme van

kinders wat wegloop en die voorkoms van teistering.

- Die bestuurskomponent van die betrokke skole, in vennootskap met die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling, moet soek na metodes om die probleme van alkohol- en dwelmmisbruik te hanteer.
- Die Onderwysdepartement moet prioriteit gee aan die bevordering van die taalprojek wat daarop gerig is om die gebruik van inheemse taal onder Khomani San-kindere aan te moedig.

MAATSKAPLIKE WELSYN

Bevindings

- Die Sosio-ekonomiese opname wat die Khomani San-Vestiging- en Ontwikkelingstrategie vergesel dui aan dat die meeste van die gemeenskap se gesinne 'n inkomste van minder as die nasionale minimum inkomstestandaard het. Armoede is 'n ernstige probleem.
- Baie maatskaplike probleme kom binne die Khomani San-gemeenskap voor, waarvan die misbruik van alkohol en *dagga* en mishandeling binne gesinne beduidend is.
- Geen bewys is voorsien van enige spesifieke program wat in plek is en daarop gerig is om die spesifieke maatskaplike probleme van die Khomani San-kindere te hanteer of te bestuur nie.
- Die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling se visie om die gemeenskap te dien is nie vir die Khomani San-gemeenskap in 'n werklikheid omskep nie. Die redes hiervoor kan soos volg wees:
 - o Vooropgesette idees omtrent die Khomani San-gemeenskap; en
 - o 'n Gebrek aan kapasiteit en infrastruktuur soos vervoer vir die plaaslike maatskaplike werker.
- Die Paneel stem nie saam met die maatskaplike werker se bewering dat 'maatskaplike dienste niks omtrent kwessies soos beweerde seksuele misbruik onder kindere kan doen tensy 'n klagte by die polisie ingedien is nie', en is oor die algemeen nie tevrede met die werk van die

Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling in die streek nie.

Aanbevelings

- Daar word aanbeveel dat nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling 'n strategie ontwikkel om die swak maatskaplike omstandighede van die Khomani San-gemeenskap te hanteer. Besondere aandag moet geskenk word aan alkohol- en dwelmafhanglikheid en aan die behoeftes van die Khomani San-kindere.
- Daar moet onmiddellik aandag geskenk word aan die infrastruktuur en kapasiteit van Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling in soverre dit werksaamhede in die Andriesvale-Askhamgebied betref, insluitende personeelvoorsiening en ander hulpbronne.
- Aangeleenthede van 'n prosedurele aard behoort nie die verligting van die dwingend noodsaaklike maatskaplike behoeftes van die Khomani San-gemeenskap aan bande te lê nie.

GEMEENSKAPSVERDEELDHEID

Bevindings

- Die Welkom-verklaring bring die werklikheid van 'n moontlike verdeling binne die Khomani San-gemeenskap aan die lig.
- Dit wil voorkom asof die uitdagings en verswakking wat die gemeenskap oor die afgelope vyf jaar ondervind het, veroorsaak het dat 'tradisionele' Khomani San-mense en diegene wat 'op die bus geneem is', wat aan meer 'moderne' praktyke gewoond is, selfs skerper verdelings ondervind.
- Die wens is uitgespreek dat die oorspronklike eisers van Welkom (primêr die Kruiper-familie) op grond wil woon wat spesifiek vir hulle gereserveer is. Hulle wil ook hierdie grond onafhanklik van die VGE bestuur en ontwikkel.

Aanbevelings

- Hoewel 'n sterk oproep gemaak is vir 'n verdeling tussen die oorspronklike eisers en andere, hou 'n verdeling aansienlike komplikasies in. Ons beveel aan dat hierdie versoek oorstaan hangende die aanstelling van 'n uitvoerende bestuurder en 'n plaasbestuurder en minstens die gedeeltelike implementering van die Vestiging- en Ontwikkelingstrategie.
- Die geld van die Welkom Meentgrondtrust behoort benut te word om grond vir uitsluitlike gebruik van die tradisionele Khomani San-mense en hul kinders te verkry, wat sodoende grondeienaars buite en onafhanklik van die VGE sal word. Indien die grond deel van die munisipale gebied van Mier sou wees, moet die voorsiening van basiese dienste en infrastruktuur uitgebrei word om die nuutverkrygte grond in te sluit.

VERHOUDINGS

Bevindings

- Baie van die aangeleenthede wat geopper is en die voorvalle wat plaasgevind het sedert die hervestiging van die Khomani San kan aan swak verhoudings en kommunikasie op verskeie vlakke toegeskryf word.
- Die verhoudings tussen die Khomani San-mense en die Plaaslike Raad van Mier, die DGS en die DPPR moet onmiddellike aandag en drastiese ingryping geniet.
- Die verhoudings en rolle van verskillende regeringsfere en staatsdepartemente behoort ontleed en indien nodig verbeter te word ten einde administratiewe optrede en samewerkende bestuur te verseker.
- Dit is die bevinding van die OKD, ondersteun deur die Paneel, dat 'daar nie 'n goeie verhouding tussen die polisie en die gemeenskapslede bestaan nie'. Dit is nie die verantwoordelikheid van gemeenskappe om regeringstrukture of -liggame te verstaan nie; dit is belangrik vir instellings soos die SAPD om hierdie stelsels aan die gemeenskap te kommunikeer –veral aan gemarginaliseerde gemeenskappe soos die Khomani San.

- Dit is die verantwoordelikheid van elke lid van die polisie om 'n toegewyde diens aan die gemeenskap te lewer. Baie van die probleme wat in die Khomani San-gemeenskap ervaar word, kan hanteer word deur suksesvolle polisiëring gebaseer op wedersydse vertroue.
- Die verhouding tussen die tradisionele Khomani San en die VGE en tussen die VGEBK en die lede daarvan moet hanteer en in orde gebring word ten einde die ontwikkeling van die kollektiewe groep Khomani San-mense te verseker.

Aanbevelings

- Die verwesenliking van baie van die aanbevelings wat tot op hierdie punt gemaak is, sal die verbetering van sommige van die bestaande versteurde verhoudings tot gevolg hê.
- Alle Khomani San-mense, betrokke staatsdepartemente, NRO's en ander eksterne belanghebbende partye behoort hul aktiwiteite in die gees van die unieke aard van die Khomani San-grondeis uit te voer, wat 'n samewerkende poging was wat kompromis en naasbestaan verveer het.
- Vir sover dit die versteurde verhouding tussen die VGE en die tradisionele leier betref, moet daar van meet af aan 'n onderskeid tussen 'leierskap' en 'bestuur' getref word. Hierdie konsepte moet deur die VGEBK sowel as die tradisionele Khomani San-leiers bespreek en begryp word.
- 'n Fasiliteerder met die nodige vermoë moet benut word om die tradisionele Khomani San-mense en ander faksies van die VGE te help om die grondliggende oorsake van hul verskillende perspektiewe te begryp en werkbare oplossings vir die gevolglike spanningsveroorsoekende aangeleenthede te vind.

SLOTWOORD

Die mandaat van die SAMRK is om die kultuur van menseregte aan alle Suid-Afrikaners uit te dra, veral die mees gemarginaliseerde en afgeleë gemeenskappe. Die Khomani San van die Andriesvale-Askham-gebied is een sodanige gemeenskap. Na 'n geskiedenis van vervolging en onteiening het die Khomani San eienaarskap van hul grond in die suidelike Kalahari teruggekry, maar hulle leef steeds in armoede en verwaarlosing. Dit is moeilik vir 'n buitestander om die hartseer en teleurstelling van die gemeenskap te begryp. Die SAMRK en die Paneel hoop om deur hierdie Onderzoek 'n verskil in die lewens van die Khomani San te maak. Daar bestaan geen twyfel dat die situasie in die Andriesvale-Askham-gebied ernstige aandag van alle sferes van die regering en alle belanghebbendes vereis nie. Ons hoop dat hierdie Onderzoek die begin sal wees van 'n reis onderweg na die verwesenliking van menseregte en volhoubare ontwikkeling in die Khomani San-gemeenskap.

Gedurende die openbare verhoor het mnr. Petrus Vaalbooi die volgende pleidooi gerig: *'Maak ons mense slim'*, terwyl 'n ander gemeenskaplid sy mondelinge getuienis soos volg afgesluit het: *'Ons voel of ons voor 'n Babelse verwarring te staan gekom het'*. Mnr. Dawid Kruiper het soos volg oor die Khomani San se suksesvolle grondeis gepraat: *'Ek sien 'n gebied wat vir jare en jare en vir al my kinders en hulle kinders sal bestaan.'* Hierdie stellings behoort alle betrokkenes tot nadenke en optrede te stem.

Die Onderzoek het, in die woorde van die voorsitter van die SAMRK, 'n 'hartseerverhaal van verwaarlosing' aan die lig gebring. Daar word gehoop dat die volgende hoofstuk van die verhaal die verwesenliking van die visie van die Khomani San se suksesvolle ontwikkeling van hul grond *'vir jare en vir jare en vir hulle kinders en hulle kinders'* sal wees. Die verwagtinge van die gemeenskap en diegene wat betrokke is, is hoog. Hierdie verwagtinge moet nie teleurgestel word nie.

ERKENNINGS

Die SAMRK en die Paneel bedank graag dié partye en mense wat tot die Onderzoek bygedra het.

Skriftelike voorleggings

Individue

Mnr. Roger Chennels
Mnr. David Grossman
Mev. Elna Hirschfield
Mev. Grace Humphries
Mnr. Kobus Pienaar
Mnr. Berno Venter
Mnr. Aron Page

Staatsdepartemente

Departement van Grondsake
Onderwysdepartement
Departement van Maatskaplike Dienste en
Bevolkingsontwikkeling
Onafhanklike Klagtedirektoraat
Plaaslike Raad van Mier

Khomani San-gemeenskapslede

Piet Patrick Faroo
Anna Festus
Patrick Kaffers
Dawid Kariseb
Feitjie Kleinman
Maria Kruiper

Verklarings

Dawid Kruiper
Ben Noubitsteyn
Jan Tieties
Silikat van Wyk
Jan van der Westhuizen

Mondelinge getuienis

Staatsdepartemente

- SAPD
(Mnr. Matthys)
(Sup. Nel)
(Kaptein de Beer)
- Departement van Grondsake –
Streeksgrondeisekommissie vir die Vrystaat en
Noord-Kaap
(Mnr. P Mokomela)
- Siyanda Distriksmunisipaliteit
(Mnr. JP Mpanka)
- Departement van Provinsiale en Plaaslike
Regering
(Mnr. J Meiring)
- OKD

(Dr. J Snyman, Dr. T Tshabala en mev. McKenzie)

- DOV (Adv. Cloete) (Mnr. Swartz)
- Onderwysdepartement (Mnr. Barends, mnr. Manjora en mnr. Nel)
- Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling (Mev. Jooste)
- Mier Plaaslike Munisipaliteit (Me SC Coetzee)
- Kgalagadi-Oorgrenspark (Mnr. N van der Walt)

Khomani San-gemeenskapslede

- Mnr. Dawid Kruiper
- Me A Festus
- Mnr. P Vaalbooi
- Mnr. J van der Westhuizen
- Mnr. G Bok
- Mnr. J Tieties
- Mnr. D Noubitsteyn
- Mnr. A van Wyk

Navorsing en Agtergrond

Mnr. Roger Chennels
Me Anél du Plessis

Algemeen

Al diegene wat die voorafbesoeke en die openbare verhoor in Andriesvale moontlik gemaak het, insluitende die VGE en mnr. Tieties.

Alle Khomani San-lede, vir hul betrokkenheid en geduld gedurende die verloop van hierdie Verhoor

Alle Paneellede

Dr Leon Wessels en al die betrokke lede van die SAMRK

Die tolke wat by die openbare verhoor behulpsaam was

Bibliografie

Let asseblief daarop dat die feitelike inhoud van hierdie Verslag uit die volgende skriftelike bronne op gekombineerde wyse en in onderlinge samehang opgestel is.

Boeke

Jacobs, Y, Kassie, M en Sauls, G (eds) *I'EA Q!URUKE Enter the Light Khomani San Culture Yesterday and Today* [I'EA Q!URUKE Betree die Lig Khomani San-kultuur Gister en Vandag] Mei 2004 Suid-Afrikaanse San-Instituut.

Dokumente en Verslae

Chennels, R

- *Conflict Prevention and Peace Building Case Study: The Land Claim of the Khomani San of South Africa* [Gevalllestudie in Konflikvoorkoming en Vredebou: Die grondeis van die Khomani San van Suid-Afrika]
- *Indigenous Peoples and Conservation: Workshop Presentation by the Khomani San of South Africa* [Inheemse Volke en Bewaring: Werkswinkel-aanbieding deur die Khomani San van Suid-Afrika]
- *The Khomani San Constitutional Crisis Issues Around the Traditional Leader* [Die Khomani San Grondwetlike Krisis, Kwessies wat Betref die Tradisionele Leier]
- *The Khomani San Land Claim* [Die Khomani San-grondeis] (Referaat gelewer tydens 'n vergadering van die Projek Afrika-streetskundiges oor Regte in die Gemenebes, Kaapstad, 68-18 Oktober 2002)
- Departement van Grondsake
- *Mier and Khomani San Findings by Monitoring and Evaluation Directorate* [Mier en Khomani San Bevindings deur die Direkoraat en Evaluering], April 2002
- Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering
- *Organisational Review Report 1994-2004* [Organisatoriese Oorsigverslag 1994-2004]

Draft Khomani San Community Scoping Report for the development of housing at selected sites in the Mier Municipal Area [Konsep-bestekbepalingsverslag oor die Khomani San-gemeenskap vir die ontwikkeling van behuising op geselekteerde terreine in die Mier Munisipale Gebied], Augustus 2004

Du Plessis, AA *Inquiry into Human Rights Violations of Khomani San People, Andriesvale-Askham area, Kalahari, South Africa Background Information Document* [Ondersoek na Menseregteskendings van die Khomani San-mense, Andriesvale-Askham-gebied, Kalahari, Suid-Afrika, Agtergrondsinsligting-dokument] September 2004

Grossman, D and Holden, P Kalahari Land Claims: Towards Settlement [Kalahari-grondeise: Onderweg na Vestiging], Augustus 2002

Kalahari Heritage Park Agreement [Kalahari-erfenisparkooreenkoms]

Khomani San Settlement and Development Strategy (as prepared by Stabilis Development (Pty) Ltd) [Khomani San-Vestiging- en -Ontwikkelingstrategie (soos opgestel deur Stabilis Development (Pty) Ltd)] September 2004

Khomani San Settlement and Development Strategy Socio-Economic Survey (as prepared by Stabilis Development (Pty) Ltd [Khomani San-Vestiging- en -Ontwikkelingstrategie, Sosio-ekonomiese Opname] (soos opgestel deur Stabilis Development (Pty) Ltd)], September 2004

Page, AM International Law Respecting Indigenous Peoples' Rights [Internasionale Reg ten opsigte van die Regte van Inheemse Volkere] Oktober 2004 (soos voorgelê aan die SAMRK in verband met die Ondersoek na Menseregteskendings van die Khomani San-mense)

SAMRK

- *Research Project: Indigenous People's Rights* [Navorsingsprojek: Die Regte van Inheemse Volkere]

Suid-Afrikaanse San-Instituut (SASI)

- A history of San Peoples of South Africa [‘n Geskiedenis van die San-volkere van Suid-Afrika] <http://www.sanculture.org/sw582.asp>
- The San Community of South Africa Who are the San of South Africa? [Die San-gemeenskap van Suid-Afrika Wie is die San van Suid-Afrika?] <http://www.san.org.za/sasi/community.htm>
- The Khomani San Land Claim [Die Khomani San-grondeis] http://www.san.org.za/sasi/ann_rep_2002.htm

Tweede Grondwet van die Khomani San Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom, 4 Mei 2002

Die Welkom-verklaring, Februarie 2004

Wetgewing en Internasionale Reg

- *Afrika-handves oor Mense- en Volkeregte* [Afrika-handves] (op 9 Julie 1996 bekragtig)
- *Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom* 28 van 1996
- *Grondwet van Suid-Afrika* Wet 108 van 1996
- *Internasionale Handves oor Burgerlike en Politieke Regte* [IHBPR] (op 10 Maart 1999 bekragtig)
- *Wet op Herstel van Grondregte* 22 van 1994
- *VN-konsepverklaring oor die Regte van Inheemse Volkere* [VN-konsep] 1994 <http://www1.umn.edu/humanrts/instree/declra.htm>

(Endnotes)

¹ *Staatskoerantkennisgewing* 1958/2004, SK No 26775, 10 September 2004

² Artikel 10

³ Artikel 11

⁴ Artikel 12

⁵ Artikel 14

⁶ Artikel 24

⁷ Artikel 25

⁸ Artikel 27

⁹ Artikel 29

¹⁰ Artikel 30

¹¹ Artikel 33

¹² Artikel 34

¹³ *Page, AM International Law Respecting Indigenous Peoples' Rights* [Internasionale Reg ten opsigte van die Regte van Inheemse Volkere]

¹⁴ *Page, AM International Law Respecting Indigenous Peoples' Rights* [Internasionale Reg ten opsigte van die Regte van Inheemse Volkere]

¹⁵ *Page, AM International Law Respecting Indigenous Peoples' Rights* [Internasionale Reg ten opsigte van die Regte van Inheemse Volkere]

¹⁶ Die Verenigde Volke se Werkgroep oor Inheemse Bevolkings het hierdie verklaring in 1993 aan die Verenigde Volke voorgelê, maar dit is nie aanvaar nie.

¹⁷ VN-konsepverklaring oor die Regte van Inheemse Volkere

¹⁸ *Page, AM International Law Respecting Indigenous Peoples' Rights* [Internasionale Reg ten opsigte van die Regte van Inheemse Volkere]

¹⁹ Du Plessis, *AA Background Information Document* [Agergrondsinsligting-dokument]

²⁰ Die Wet is primêr afgekondig om voorsiening te maak vir die Herstel van Grondregte in die geval van mense of gemeenskappe wat onder die rassediskriminerende apartheidregime in Suid-Afrika onteien is.

²¹ Chennels, *R Conflict Prevention and Peace Building Case Study* [Gevalllestudie in Konflikvoorkoming en Vredebou]

²² Du Plessis, *AA Background Information Document* [Agergrondsinsligting-dokument]

²³ *Die Welkom-verklaring*

²⁴ Die prosedure vir die herstel van gemeenskaplike grondregte in Suid-Afrika behels voldoening aan die Wet op *Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom Wet 28 van 1996*. Hierdie Wet stel gemeenskappe in staat om regs persone tot stand te bring, wat as Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom of VGE's bekend staan, ten einde eiendom op 'n grondslag waarvoor lede van 'n gemeenskap ooreengekom het ingevolge 'n skriftelike grondwet te verkry, te hou en te bestuur. As 'n voorvereiste vir die verkryging van die grond wat geëis word, het die Khomani San 'n VGE tot stand gebring.

²⁵ Chennels, *R Conflict Prevention and Peace Building Case Study* [Gevalllestudie in Konflikvoorkoming en Vredebou]

²⁶ Residuele bewaarderskap beteken dat terwyl eienaarskap aan die Kruiper-familie oorgedra word, die regering 'n rol as bewaarder moet speel, dus moet probleme met die grond en die bestuur daarvan deur die staat hanteer word.

- Gelykheid van lidmaatskap;
- Demokratiese prosesse, in die sin dat alle lede die reg het om, byvoorbeeld, toereikende kennisgewing van alle algemene vergaderings van die vereniging te ontvang, om die finansiële state en rekords van die vereniging te ondersoek en afskrifte daarvan te maak, en om toegang tot 'n afskrif van die grondwet te hê;
- Redelike toegang tot die eiendom van die vereniging in die sin dat die vereniging byvoorbeeld eiendom wat deur hulle besit, beheer of gehou word tot die voordeel van die lede op 'n deelnemende en nie-diskriminerende wyse moet bestuur; en
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid in die sin dat daar, onder andere, doeltreffende finansiële bestuur en boekstaving van die transaksies van die vereniging moet wees.

²⁷ Die *Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom* stel dit dat 'n VGEBK nie sonder die instemming van die meerderheid van lede teenwoordig op 'n algemene vergadering van lede die geheel of enige deel van die onroerende eiendom van die vereniging mag vervreem of beswaar of enige voorgeskrewe transaksie ten opsigte daarvan mag aangaan nie

²⁸ *Kalahari-erfenisparkeeroenkoms*

²⁹ Chennels, R *The Khomani San Land Claim*

[Die Khomani San-grondeis]

³⁰ *Die Welkom-verklaring*

³¹ *Wet op Herstel van Grondregte*

³² Die *Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom* stel dit dat die DG van die DGS 'n bemiddelaar kan aanstel om behulpsaam te wees met die oplos van enige geskil tussen 'n VGE en die lede daarvan of tussen lede en komiteelede. 'n Sleutelbepaling word aangetref in Artikel 10(8) van die Wet, wat bepaal dat die Minister van die DGS, in oorleg met die Minister van Finansies, ander programme vir die voorsiening van bystand aan gemeenskappe of VGE's vir die doeleindes van die Wet kan instel. Dit maak voorsiening vir moniterings- en inspeksieprosedures en verp lig die DG van die DGS om jaarliks 'n verslag aan die Minister voor te lê betreffende bestaande VGE's en die mate waarin die doelstellings van die Wet verwesenlik word, vir tertaafellegging in die Parlement. Dit is belangrik om daarop te let dat Wet vir die delegering van magte en die opdra van pligte deur die DG van die DGS voorsiening maak.

³³ Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering se *Organisatoriese Oorsigverslag*.

³⁴ In die hantering van aangeleenthede met betrekking tot polisiëring in die Andriesvale-Askham-gebied moet die rolle van die OKD en die DOV uiteengesit word. Die basiese funksie van die OKD is om te verseker dat klagtes oor wangedrag of oortredings wat na bewering deur lede van die SAPD gepleeg word, op 'n doeltreffende en effektiewe wyse ondersoek word. Die OKD het ook die mandaat om sterfgevälle as gevolg van polisie-optrede en beweerde wangedrag en kriminele dade deur SAPD-lede te ondersoek. Slegs na afhandeling van sodanige ondersoeke word die betrokke dossiere na die DOV verwys vir 'n besluit of vervolging sal plaasvind. Die DOV ontvang hierdie dossiere sonder uitsondering maande nadat

die klag oorspronklik gelê is. Die DOV het geen kennis van klagtes teen die polisie totdat hulle sodanige dossiere ontvang nie. By ontvangs van 'n besondere dossier word dit aan twee staatsadvokate toegeken en indien daar genoeg bewyse in die dossier is en albei advokate saamstem, word die dossier met die opdrag aan die toepaslike owerhede teruggestuur. Soms sal 'n dossier aan die ondersoek-beamptes teruggestuur word met 'n versoek vir meer inligting en/of verdere ondersoek. Dit word gedoen ten einde die advokate wat aangewys is, in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem.



